Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 16
Nommer 2 Augustus 1972

DIE FEDERALE GROEP

Manne met dryfkrag
Middele vir groeikrag
Moontlikhede met trefkrag

Betaal jouself van nou af eerste...



en word 'n WinsMaker

Wie jy is en wat jy verdien maak nie saak nie. Jy kan geldelik jou eie toekoms skep. Dis binne jou bereik met die omvattende WinsMakerplan.

Die geheim is om jouself eerste te betaal

Voordat jy geld bestee aan vermaak, klere, motor, ens. moet jy elke maand 'n bedrag aan jouself toeken wat ingespan kan word vir jou toekomstige onafhanklikheid.

Hoe word die Wins gemaak?

WinsMaker is 'n langtermynplan wat jou in staat stel om, deur middel van maklike paaiemente en oor 'n tydperk waarop jy self besluit, 'n aansienlike belang in Die Ou Mutual se maatskappyegroep te verkry. As vennoot van Die Ou Mutual *is jy geregtig op 'n deel van sy winste.* Dit is die WinsMakerplan. Dit kan jou 'n opbrengs gee van meer as 8% p.j.

Lewensdekking

Die Ou Mutual dek jou lewe vir die volle bedrag van jou belang. In geval van vroegtydige dood, sal jou beleggingsprogram dus namens jou voltooi word.

Belastingbesparing

Jy trek voordeel uit belastingkorting op jou paaiemente en kragtens huidige wetgewing betaal jy geen belasting op die uitkeerbedrag nie.

Ander Voordele

WinsMaker kan voorsiening maak vir die gevare van blywende siekte en ongeskiktheid, en sodra jou WinsMakerplan goed gevestig is, kan jy kontant leen ingeval jy geld dringend nodig het.

Skryf om 'n *gratis* volkleur-brosjure aan: „WinsMaker", Posbus 66, Kaapstad, of kry volledige besonderhede by jou naaste Ou Mutual-kantoor.

DIE OU MUTUAL *SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGS-GENOOTSKAP*

WinsMaker is vir mense wat op en wakker lewe

1880A

STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat reeds meer as driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, is tans besig met 'n grootskaalse uitbreidingsprogram, teen 'n koste van meer as R1 000-miljoen.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark, in Pretoria en Newcastle, asook verskeie mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n huiseienaarskema, 'n verlofbonus, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsfasiliteite en ander welsynsgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 16 NO. 2 AUGUSTUS 1972

In Hierdie Uitgawe

Baanbrekers in Afrikaanse Volksmusiek, 5
Redaksioneel, 6
Aktiewe Minderhede en Stille Meerderhede aan Studentefronte, 6
Nuwe Lede van Universiteitsraad, 7
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 8
Majuba se vyfde verjaardag, 9
Opvoeding en Praktyk – C. J. F. Human, 10
Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid :
9 Maart 1972, 14
Nuwe Doktore, 14
Kursusse, 16
Periandros van Korinthe, 16
Matie-rekenaar gesels in Afrikaans, 16
Tandheelkunde, 18
Maatskaplike Werk: Plegtige Verklarings, 18
Die Bestuurskool, 19
Militêre Studente Stap deur Namib, 20
Bevorderings en Aanstellings, 22
Ereprofessor in Fisika, 22
Nuwe Professore, 22
Medeprofessore, 22
Andere, 24
Beplanning van 'n Ontwikkelingskema vir U.S., 26
Gesellig, 34
Op Hoë Noot, 34
Beurse en Skenkings, 36
Oud-Maties, 37
Notule van Konvokasie, 2 Des. 1971, 37
Kennisgewing van Konvokasie, 30 Nov. 1972, 39
Oud-Maties 1936–1944 trek saam, 40
Akademiepryswenners, 41
Die Vooruitsterwende, 43
Studentebedrywighede, 44
Universiteitskoor na Portugal, 44
Intervarsity 27 Mei 1972, 45
Trapkar-intervarsity, 45

VOORBLADFOTO:

Skenking van bonsai
Mej. Cecilia Gildenhuys (nagraadse student aan U.S.) met bonsai. Mev. Bettie Lucas het haar kosbare versameling aan U.S. geskenk. Hulle is in die Hortus Botanicus te sien.

BAANBREKERS IN AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK

Mej. Joan van Niekerk en prof. Con de Villiers (middel) is op die aand van 4 April 1972 in die konservatoriumsaal op Stellenbosch deur die F.A.K. gehuldig vir hulle bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse volksmusiek. Prof. H. B. Thom, voormalige voorsitter van die F.A.K., het die oorkondes aan hulle oorhandig.

Redaksioneel

Aktiewe Minderhede en Stille Meerderhede aan Studentefronte

Gedurende die afgelope paar maande het dit duidelik op die universiteitskampusse geblyk dat aktiewe minderhede in staat is om storms op te swiep en deur middel van vooruitbeplande nuusdekking – selfs met behulp van rolprentkameras en bandopnemers by „vreedsame" betogings – hierdie tornado's te laat uitgolf oor ons land.

Tot vervelens toe, maar tóg dikwels met 'n mate van wisselende sukses, is die sportfronte aangeval, want anders as met godsdiens, politiek, taal en kultuur wat dikwels verdelend werk, is daar veral tussen die blankes 'n besondere mate van samewerking op sportgebied. Daarom is, begryplikerwys, op universiteitsgebied die gesamentlike onderneming van Intervarsity die afgelope twee jaar die aanvalskyf gemaak.

Om nie in 'n polemiek te verval nie, sal ons swyg oor die motiewe – oor dié wat aan die oppervlakte genoem word en oor dié wat in die donker dieptes skuil – en ons eerstens bepaal by die krag van die minderheid. Onder leiding van oud-Ikeys soos dr. Lapa Munnuk, L.U.K., dr. Charlie Morkel van die Strand, mev. Adrienne Koch (burgemeesteres van die Paarl) en dr. North Wells van Claremont, het nie net die rugby plaasgevind nie, maar is die Ikeypawiljoen ook, ondanks die korte oorblywende tyd wat tot beskikking was, gevul. Dit is baie duidelik hoeveel deur die ywerige, aktiewe minderheid wat die weg van gesonde verstand en ordelike optrede gevolg het, vermag is.

'n Student, en enige ander persoon in Suid-Afrika, het 'n veel beter kans om sy saak te stel en aangehoor te word as hy netjies, beleefd en voorbereid optree – ongeag sy taalverband of politiek, of wie die regering van die dag is, want orde en ordentlikheid was nog altyd paspoorte tot ons owerhede; dog moedswilligheid, slordigheid en astrantheid bly paspoorte tot ostrasisme van jouself. Vir iemand wat korrek optree, was hier in ons land nog altyd – en vandag nog – baie plek en respek.

Die onlangse politieke oproer onder die studente van die Kaapse Universiteit het Stellenbosch in 'n mate onvoorbereid gevang. Dat talle eerstejaarstudente van U.K. deur 'n groepie seniors só mislei kon word en die omvang van rusverstoring só kon uitbrei, het vir die Maties só onverwags gekom dat ons studente nog nie behoorlik daaroor kon nadink of hulle menings min of meer kon laat kristalliseer het tot 'n gesamentlike oordeel nie. Elkeen moes sy eie oordeel vel en sy optrede bepaal. Selfs die Studenteraad se bootjie was by tye gevaarlik naby Scylla en dan weer by Charybdis. Die rewolusie het as 't ware oorgeloop na die Stellenbosse kampus toe talle Kaapse studente (weer grotendeels eerstejaars) met petisies teen die wyse waarop die S.A. Polisie op 2 Junie sou opgetree het die rustigheid onder die akkerbome kom versteur het. Na al hulle moeite kon die invallers slegs 588 handtekeninge kry – dus nie eens 'n getal gelykstaande aan die totaal van die Engelse studente ter plaatse nie. Die stille meerderheid het hulle dus daarvan onthou, sonder veel ophef en bohaai.

As daar van die oud-Maties is wat meen dat die Stellenbosse studente hardhandig met die invallers moes gehandel het, moet hulle in gedagte hou dat die Universiteitsowerhede in medewerking met die S.A. Polisie, die studente voortdurend tot kalmte gemaan het en moet onthou word dat die verbod op byeenkomste van 6 Junie 1972 ook vir Stellenbosch gegeld het. Die mate waarin die Stellenbosse studente hulle beheer het en met hulle alledaagse werksaamhede voortgegaan het, moes vir die Kanselier, dr. B. J. Vorster, en vir die Rektor hartversterkend gewees het. As die Maties hulle nie lydsaam gedra het nie, kon bitter lelike insidente plaasgevind het, want daar was uitlokking genoeg.

Onderliggend was op Stellenbosch nog steeds die vastigheid van die rots waarop hierdie universiteit gebou is. Die Maties het soos talle kere tevore hulle algemene ordentlikheid en ordeliewendheid getoon – ondanks die feit dat hulle ook „studente" is! Die Matie kan goedig glimlag oor minderhede wat alte opgewonde raak en 'n algemene verdraagsaamheid toon teenoor 'n ander wat ook sy mening, hoe afwykend ook al, wil lug. Maar op die regte tyd kom die Matiemassa in beweging om algemene orde te handhaaf en om beproefde beginsels nie sommer ter wille van byderwetsighede oorboord te gooi nie.

Dan praat die stem van die meerderheid – die stem van die talle honderde wat vrywillig aan die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch behoort, van die duisende wat aan die A.C.S.V. behoort en die kerk stampvol vul. Dan klim hulle met vuur en vaart in die Ikeys om 'n rekordtelling (vir Intervarsity) van 31–16 daar te stel. Dan juig hulle die Ikey-dirigent (dr. Lapa Munnik) toe om waardering te betuig teenoor die Ikey-minderheid op die pawiljoen. Dan juig hulle dat dr. North Wells wat gesorg het dat die Ikey-spanne op die veld was, breed lag en sê: „Dankie, Maties, vir julle ondersteuning!"

Daar is soveel moois in ons studentelewe – ook van die Ikeys s'n – wat nooit die banieropskrifte haal nie! Die goeies, die stabieles, die duisende studerendes bied mos nie nuus nie, maar enkele arrogante persone se menings word breed uitgebasuin as verteenwoordigend van dié van Stellenbosch of Kaapstad.

Die kruik wat dikwels na die waterput gaan, sal vroeër of later breek. As jy die owerhede voortdurend tart, sal die roede sekerlik nie later gespaar word nie. Dit dien ook om onthou te word dat daar 'n sekere koulike apie was wat sy eie sekelstert in 'n verwarmende vuur gebrand het en toe sy baas gebyt het! Die apie kan bly wees dat hy 'n begrypende baas gehad het wat hom nie in die koue uitgesmyt het nie!

Motiverings moet suiwer, en veral eerlik, gestel word. Jy moenie met 'n humanitêre rede begin om 'n konfrontasie met die owerheid uit te lok wat dan as oorsaak gebruik word vir 'n tweede konfrontasie, hierdie keer met ander motiewe nie! Langs die pad van rewolusie deur die eeue lê miljoene lyke van misleide opgesweeptes – maar die generaals was in hulle heiligdomme verskans!

Ons is dankbaar dat op Stellenbosch die gesprekgeleentheid tussen studente en owerhede oop is tot by die Rektor en die Kanselier. Daarom kan Stellenbosch ook so baie dra en verdra, want Stellenbosch beskik oor die vermoë om soos 'n groot elastiese bal die skokke en houe, verdiend of onverdiend, te absorbeer en vinnig daarvan te herstel om sy ewewigtige pad te hervat.

Nadat uitdorrende Suidoosters in die somer en tierende Noordwesters in die winter oor Stellenbosch se berge gestorm het, lê sy valleie telkens en lag in hul immer groene jeugdigheid . . . en Tas se gees is nog altyd vry!

NUWE LEDE VAN UNIVERSITEITSRAAD

Die Senaat van U.S. het die volgende drie nuwe raadslede vir 1 Junie 1972 tot 31 Mei 1974 verkies:

Prof. G. G. Cillié (herkies)
Prof. C. A. du Toit (herkies)
Prof. F. C. Fensham

Prof. J. F. (Freddie) Kirsten, 'n vorige raadslid, het hom na 23 jaar diens nie weer herkiesbaar gestel nie. In 1947 is hy reeds deur die Goewerneur-generaal as raadslid benoem in die hoedanigheid van voorsitter van die Stellenbosse Skoolraad. Sedert Junie 1960 het hy die Senaat verteenwoordig. As dienende voorsitter van die Universiteit se koshuiskomitee rus daar jare reeds 'n uiters belangrike taak op sy skouers.

Prof. Charles Fensham is 'n hoogleraar in Semitiese Tale en het al verskeie termyne as Dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, die grootste fakulteit, gedien. Hy is ook lid van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K.

VERBETERING

Matieland April 1972: die eerste woord, reël 10 van onder, regterkolom, bladsy 11, moet wees: *strewende.*

Ons Eer Hul Nagedagtenis

PROF. FRANCISCUS XAVIERUS LAUBSCHER

Prof. Laubscher, wat in 1968 met pensioen uit die diens van die Universiteit van Stellenbosch en uit die diens van die Dept. Landbou-tegniese Dienste getree het, is op 10 April vanjaar in die ouderdom van 65 jaar te Pretoria oorlede.

In 1928 het hy aan U.S. die B.Sc.-graad verwerf, in 1942 die M.Sc.- en in 1954 die D.Sc.-graad in Landbou. Hy het puik diens aan die landboubedryf van S.A. gelewer en verskeie nuwe graansoorte, veral bastermielies, ontwikkel. Nadat hy op verskeie ander plekke gewerk het, het hy in 1950 hoogleraar in Erflikheidsleer aan U.S. geword. Die Mielieraad het hom verskeie kere op studiereise na die buiteland gestuur.

Hy laat sy eggenote, mev. Rosa Laubscher, en 'n dogter, mev. Marie Bath van Pretoria, agter.

HERMANN HEINRICH VEDDER, D. LITT. (H. C.) (STELL.)

Dr. Vedder is op 26 April 1972 in die ouderdom van 96 jaar op Okahandja (S.W.A.) oorlede. Hy was jare lank 'n senator vir S.W.A.

As baanbreker-sendeling, opvoedkundige, filosoof en geskiedskrywer was hy 'n bekende en geëerde figuur – soveel so dat hy in 1966 op sy 90ste verjaardag op 'n posseël van S.W.A. vereer is – die eerste keer dat 'n nog lewende persoon in S.A. op dié wyse vereer is.

Hy was ook 'n groot kenner van S.W.A. se vroeë geskiedenis en kon, benewens die Boesmantaal, ook ander inboorlingtale praat. Dele van die Bybel is trouens deur hom in inboorlingtale vertaal.

Op 12 Desember 1949 het die Universiteit van Stellenbosch aan hom die eredoktorsgraad D.Litt. toegeken.

MNR. P. C. F. SWIEGERS

Mnr. Piet Swiegers, wat op 1 April 1969 as hoof van U.S. se Afdeling Voorrade wyle mnr. Wouter Hugo opgevolg het, is na ernstige siekte op 8 April 1972 oorlede in die ouderdom van 43 jaar.

Hy was 'n dinamiese en vriendelike persoon en bemind by blank en gekleurd van sy afdeling. In sy tyd is die naam Afdeling Voorrade gewysig na Inkoopafdeling omdat gevoel is dat die afdeling wat die hele Universiteit se inkope behartig, nie bloot 'n voorradeafdeling is nie. In die publiek het hy in die enkele jare wat hy kon, sy plek volgestaan en was hy o.a. ouderling en kerkkoorlid van Stellenbosch-Sentraal; boksafrigter van Dagbreek se span; ondervoorsitter van die W.P. se Amateurboksvereniging en erepresident van Van der Stel se boksklub.

Opregte meegevoel word betuig met sy eggenote, Yvonne, en sy vier kinders.

Ds. Andries Albertus van Schalkwyk is in sy 92e jaar te Bloemfontein oorlede. Hy is op 28 November 1880 gebore en het sy opleiding op Stellenbosch gehad. Van 1939 tot 1953 was hy saakgelastigde van die Kaapse N.G. Kerk.

Ds. Johannes Andries Jacobus Steenkamp wat 18 jaar lank moderator van die Sinode van die N.G. Sendingkerk was, is op 26 Februarie vanjaar in Goodwood oorlede. Hy is in 1907 gebore. Hy het talle gemeentes, blank en gekleurd bedien en was o.a. hoof van die Teologiese Skool Bethesda. Ondanks die eise van sy bediening het hy nog veel gestudeer en in 1941 die B.Econ.- en in 1953 die B.Th.-graad behaal.

TWEE ATLETE VERONGELUK

Mnr. Gernot Gessert, U.S. se werpskyfgooier van verlede jaar, en sy vrou *Erna (Slabbert),* U.S. se gewig-

stoter van verlede jaar, het op 20 Maart vanjaar saam met mnr. en mev. Willie Schneider gesterf toe laasgenoemdes se ligte vliegtuig naby Luderitz (S.W.A.) neergestort het. Hulle is op 18 Desember verlede jaar getroud en het albei vanjaar op Keetmanshoop begin skoolhou.

Mnr. Niek Kleynhans is op 29 Februarie vanjaar in 'n motorbotsing naby Swellendam oorlede.

Nadat hy in 1966 die B.Comm.-graad aan U.S. verwerf het, het hy in diens getree van die Messina-Transvaal Development Co., eers op Messina, daarna aan die hoofkantoor in Johannesburg en toe in Mangula (Rhodesië). In 1969 is hy bevorder tot sekretaris van die nuwe Gwairivierkopermyn in Rhodesië. In 1971 is hy deur sy maatskappy verplaas na die hoofkantoor van die Datsun-Nissangroep in Pretoria. Hy was op 'n sakebesoek aan Wes-Kaapland toe die ongeluk plaasgevind het en is op Stellenbosch begrawe.

Hy laat sy vrou, Ingrid (geb. Gericke), B.A. 1967 (Stell.), en twee seuntjies agter.

Mnr. Paul Daniël Malherbe (M.A. Stell.) is op 14 Junie in die ouderdom van 74 jaar in die Paarl oorlede. Hy het op Heidelberg (Tvl.) onderwys gegee en later op Waterkloof, Paarl geboer. Hy het 'n leidende rol in die samelewing gespeel.

BEDRYFSLEIER OORLEDE

Dr. Frikkie Meyer wat sy lewe aan die jeug gewy het, is in die begin van Junie op 71-jarige ouderdom oorlede. In lewe was hy voorsitter van Yskor, benewens ander belangrike liggame waarin hy gedien het.

Mnr. Impi (E.H.) Stierlin, oud-onderwyser en bekende rugbyspeler in sy jong dae, is op 11 Junie skielik aan sy huis in Plumstead oorlede.

EGGENOTE VAN PROF. E. C. PIENAAR OORLEDE

Mev. F. C. (Cinie) Pienaar, eggenote van wyle prof. E. C. Pienaar, voormalige hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan U.S. is op 5 Mei vanjaar in die ouderdom van 84 jaar oorlede.

Mnr. Peet van der Walt (B.A. 1940, S.O.D. 1941) is onlangs skielik oorlede. Hy was sedert 1946 woonagtig op Potchefstroom.

Hy het gereeld vir die Stellenbosse Eerstespan (losskakel) gedurende die jare 1938 tot 1945 uitgedraf en was kaptein van die eerstespan in 1944 en 1945. Hy het ook vir die W.P. in 1941 en 1945 en vir Wes-Kaapland in 1943 en 1944 gespeel. Hy was ook kaptein van Wes-Transvaal van 1946 tot 1951.

Peet het baie jare as voorsitter van die oud-Matiebondtak van Potchefstroom opgetree.

Die digter G. A. Watermeyer is op 4 Junie 1972 op 54-jarige leeftyd in Johannesburg skielik aan 'n hartaanval oorlede. Hy het sy eerste jaar B.A. in 1940 op Stellenbosch afgelê.

Mnr. Gideon J. J. Koegelenberg, derdejaarstudent in chemiese ingenieurswese aan U.S., is op 'n draai in die Botlarypad gedood toe hy van die pad gery het. Hy was op pad na sy suster in Bellville. Sy weduweemoeder woon op Piketberg. Hy is op 6 April in die ouderdom van 21 jaar oorlede.

MAJUBA SE VYFDE VERJAARDAG

Indien daar oud-Majubane is wat die gedenkblad wat ter herdenking aan die vyfde bestaansjaar van hierdie inrigting vir ou manne uitgegee word, graag wil ontvang, stuur asb. dadelik 50 sent aan mnr. M. N. Cruywagen, Sekretaris Majuba-gedenkblad, Majuba 257, Stellenbosch.

Ter inligting van oningewydes wil ons net meld dat Majuba se naam eintlik 'n erkenning is teenoor al die Transvaalse oud-Maties. Die koshuis is tussen Dagbreek en Sonop opgerig en huisves slegs senior studente in enkelkamers. Majuba se rol in die studentelewe moenie beoordeel word volgens die jeugdigheid van die gebou nie, maar eerder volgens die ervaring van die „ou" manne wat hulle in die wye omvang van die studentelewe deeglik laat geld.

(Majuba sal in 'n dameskoshuis omgeskep word – die hoflike ou manne sal moet trek! Red.)

Opvoeding en Praktyk

C. J. F. HUMAN

(By geleentheid van die openingsplegtigheid van die Universiteit op 21 Februarie 1972 het mnr. Human, Vise-voorsitter en Besturende Direkteur, van F.V.B. en Raadslid van die U.S., onder meer die volgende gesê.)

JEUGDIGES EN TOEKOMSTIGE BESLISSINGS

Graag wil ek u, in die eerste plek, gelukwens met u toetrede tot die Universiteit van Stellenbosch – in baie opsigte 'n unieke universiteit. Tweedens, wil ek waardering uitspreek vir die ondernemingsgees wat u aan die dag lê deur nie u studies halfpad te laat lê nie, maar dat u voortgaan om u eie kwaliteit as mens deur hoër opleiding verder te verbreed en te verdiep. Aan die ander kant van hierdie poort waar u binnegekom het, is die poort waardeur u eendag ná suksesvolle voltooiing van u studies, sal uitgaan. Daardie poort gaan uit op die wêreld daarbuite, waarbinne u sal arbei, u kennis sal toepas en u bydrae tot voordeel van u land, u gemeenskap en uself sal lewer.

U mag voel dat u nou veilig geïsoleerd is van die wêreld daarbuite; dat u rustig en ongesteurd uself kan verlustig in die rykdom van die akademie. Dit is nie waar nie. Aan u word slegs die geleentheid gegun om vir enkele jare ongesteurd aandag te gee aan die verhoging van u kwaliteit as mens. U is in die laaste fase van oriëntasie tussen studie en praktyk. Daar kan op 'n paar ontwikkelings gewys word wat sorg baar of uitdagings inhou, afhangende van met watter bril 'n mens daarna kyk.

Volgens berekening het persone onder die ouderdom van 25 jaar, in terme van getalle, vir die eerste keer 'n aantal jare gelede in die meerderheid gekom. Tans is meer as 50% van die totale wêreldbevolking onder die ouderdom van 25 jaar. In Suid-Afrika is ongeveer 50% van die blanke bevolking en meer as 60% van die nie-blanke bevolking, nou jonger as 25 jaar. Die verjongingsproses het belangrike implikasies. Mense sal steeds op jonger leeftye in verantwoordelike posisies geplaas word en beslissings moet vel. Dit beteken dat die jeug noodwendig vroeër voorberei sal moet wees vir gewigtiger sake. Kennis van toekomsveranderinge is dus essensieel vir die ontwikkeling van ons studerende jeug.

Onlangs het 'n groep wetenskaplikes by die Hudson Instituut in die V.S.A. projeksies gemaak van toekomstige ekonomiese ontwikkeling en bevolkingsgroei in die wêreld. Hulle gevolgtrekking is dat indien huidige tendense voortgesit word, daar teen die jaar 2000 'n klein eilandjie van superryk state sal wees binne 'n see van armoediges. Die gevare van so 'n konfliksituasie, is duidelik. Vandag huisves die ses lande, t.w. Sjina, Indië, Pakistan, Indonesië, Brasilië en Nigerië, ongeveer een-helfte van die wêreldbevolking – en bevolkingsaanwas hier is heelwat hoër as die gemiddelde vir die res.

AFNEMENDE ARBEIDS-TOEWYDING

Ons kry ook die verskynsel van afnemende arbeidstoewyding. Die mens se gesindheid teenoor harde werk is besig om te verander. Dit vergroot die maatskaplike en ander probleme verbonde aan vryetydsbesteding. Dit is interessant om daarop te let dat tydens die hoogtepunt van die Romeinse Ryk, onder Keiser Augustus, die Romeine slegs 76 vakansiedae in 'n jaar gehad het. Nog nie 'n 100 jaar later nie, toe, volgens oorlewering, Nero vrolik feesgevier het terwyl Rome gebrand het, was Romeinse burgers geregtig op 176 vakansiedae. 'n Haastige telling op my almanak gee 116 dae in die geval van Suid-Afrika. Dit is afgesien van normale verloftyd wat elke persoon deur die loop van die jaar geniet.

DIE TEGNIEK AS BONDGENOOT

Ten opsigte van die vreedsame gebruik, kan die ontwikkeling van goedkoop kernkrag tot skouspelagtige ontwikkeling aanleiding gee. Enkele gebiede is nuwe metallurgiese prosesse om op hoë hittegrade grondstowwe te verwerk, die aftap van stikstof uit die lug wat dan omskep word in kunsmis om voedsel vir die mens te verskaf en die ontginning van grondstowwe uit die see.

Die rekenoutomaat as hulpmiddel tot die menslike brein, het geweldig ontwikkel. Daar was in die afgelope tien jaar elke twee tot drie jaar 'n vertiendubbeling van sy produktiwiteit, soos gemeet aan stoorvermoë en spoed van berekeninge.

Kommunikasie-media ondergaan steeds ontsettende veranderings en isolasiemure word voortdurend afgebreek.

IMPLIKASIES VAN VERANDERINGE : BESLISSINGS

Die tempo waarteen veranderinge plaasvind, is vandag só vinnig dat die mensdom nie tyd gegun word om genoegsame ondervinding in die veranderde omstandighede op te doen en behoorlik aan te pas nie. Die tegnologiese veranderinge beweeg dikwels te vinnig vir die menslike vermoë. In hierdie omstandighede word die waarde van ervaring en aanvoeling in die besluitnemingsproses verminder. Waarde-oordele is dus nie altyd suiwer en korrek nie. Hier tree die noodsaaklikheid van wetenskaplike kennis en navorsing na vore.

Probleme word ook ondervind om die nodige balans te verkry tussen interdissiplinêre kennis enersyds en spesialisasie andersyds. Dit is die taak van die leermeesters om balans te behou in hierdie proses.

Hierdie maalstroom van 'n vinnig veranderende wêreld, het die omvang van die verantwoordelikheid van individuele beslissings ontsettend verhoog. Is daar al in die geskiedenis groter verantwoordelikheid op 'n individu geplaas as sê bv. op die President van die Verenigde State? Kan u uself indink wat daar in die gemoed van die President van die Verenigde State moet omgaan as sy adviseurs nou sou voorstel dat die atoombom êrens in die wêreld gebruik moet word. Hierdie adviseurs is veronderstel om weer húlle werk te doen na aanleiding van wetenskaplike studie deur mense wat nóg verder weg van die uiteindelike verantwoordelikheid staan.

Mnr. C. J. F. Human

BEROEPSEVOLUSIE

Dit word geskat dat die helfte van die huidige arbeidskragte in die wêreld op een of ander tydstip in die volgende 30 jaar sal werk aan dinge wat op die hede nog nie uitgevind is nie – 'n ontsettende beroepsevolusie as u só daaraan dink. In 1850 was 55% van die V.S.A. se werkende bevolking aan die landbou verbonde. 'n Eeu later het dit gedaal tot slegs 5%.

Die toepassing van outomatisasie in die nywerheid en die verdere gebruik en toepassing van die rekenoutomaat, is onder andere besig om soos 'n groot orkaan die funksionele arbeidsterrein van die mens radikaal te verander. Die arbeidsmag word normaalweg saamgestel deur 'n menigte ongeskoolde werkers; bokant hulle die halfgeskoolde werker, daarná die geskoolde operateur, gevolg deur die bestuurderskorps en heel bo die entrepreneur. Hierdie konstellasie ondergaan tans 'n drastiese verandering. In 'n land soos die V.S.A. het die onderste basis reeds gekrimp van 36% in 1910 tot 'n skamele 15% vandag. In Kanada het die werksgeleenthede vir ongeskoolde arbeid reeds afgeneem van 70% tot 30% sedert die Tweede Wêreldoorlog en is die syfer steeds besig om te daal. U sal rekening moet hou met hierdie proses van beroepsgradering as

die versoeking tot u kom om u boeke en studies weg te pak.

USELF EN SUID-AFRIKA

U is egter op die oomblik ingeskryf as 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch aan die suidpunt van Afrika. U besinning is gekoppel aan die pad wat u as persoon in ons land sal moet loop. U moet die besondere omstandighede van u eie land in ag neem.

Afgesien van tydelike en korttermynprobleme, is die uitdaging aan Suid-Afrika om oorwegend 'n volwasse nywerheidsland te word, en die lewenstandaard van sy inwoners te verhoog. Gedurende die afgelope dekade, het hierdie proses reeds met verbysterende snelheid plaasgevind. Die aantal nywerheidswerkers van alle rasse het bv. twee maal so vinnig toegeneem as wat die bevolking vermeerder het. As ons ekonomies vooruit wil gaan, moet ons nywerhede teen die einde van hierdie eeu minstens 36% van ons land se nasionale inkome lewer, en landbou en mynbou se gesamentlike bydrae daarteenoor 11%. Of u nou ingeskryf is as student in die Teologie, die Landbou, die Handel óf die Ingenieurswese, sal u vir u moet verdiep in die veranderinge in die sosio-ekonomiese struktuur wat ons land te wagte moet wees.

Veranderinge in die ekonomiese struktuur sal ook sy maatskaplike aanpassings meebring. Ons sal 'n steeds groter konsentrasie van ons bevolking in enkele areas vind. Ons leef vandag in 'n land waar viermiljoen blankes leiding moet gee aan sowat sewentienmiljoen nie-blankes; nie-blankes van wie die grootste gedeelte nog op die ongeskoolde arbeidstrap staan. Hierdie proses sal verander in soverre die nie-blankes 'n hoër algemene peil van geskooldheid sal bereik, wat ook sal insluit 'n groter aantal gegradueerde persone. Daar is tans sowat 2 700 studente aan ons Bantoe-universiteite. Volgens berekening sal daar teen die einde van die eeu sowat 45 000 studente aan hierdie universiteite studeer. Daar is tans 2½ miljoen Bantoe-kinders op skool. Volgens berekening, sal daar teen die einde van die eeu 8 miljoen Bantoes op skool wees. Die blankes sal dus rekening moet hou met die toevloei van 'n steeds groter wordende opgeleide nie-blanke arbeidsmag en groter kompetisie op die arbeidsfront.

VERANDERING—UITDAGEND, GEVAARLIK, MAAR ONAFWENDBAAR

Die uitdaging van die toekoms is dié van verandering. Die aksie wat van ons almal gevra sal word, verg ander eienskappe, ander kwaliteit van dienslewering en ander opofferinge as waaraan ons miskien tot nou toe gedink het.

'n Siening oor die proses van verandering en wat die toekoms inhou, sal ook meebring 'n eie waardeoordeel by elkeen van ons. Op 'n positiewe noot wil ek herinner aan die Bybelse oproep deur Paulus aan die Filippense: „Toets dan die wesenlike dinge in die lewe".

Voorts lê die rykdom van 'n nasie opgesluit in die kwaliteit van sy mense. In 'n wêreld van verandering; van 'n verskeidenheid van begrippe en bewegings sal die vermoë om die wesenlike van die minder belangrike te onderskei, van steeds groter belang word. Dit sal saamhang met die kwaliteitswaarde van elkeen van ons; 'n kwaliteit wat nie slegs in ekonomiese terme, maar ook in sy geestelike verband gemeet moet word. Ons mag nie ekonomiese suksesse, maar sosiale mislukkings word nie.

In die proses van verandering is behoud van balans essensieel. Ons is lede van 'n bepaalde bevolkingsgroep in die wêreld. Ons is dus binne 'n volksverband gebore met 'n eie godsdienstige, kulturele en historiese agtergrond. Ons kan dit nie omvergooi in die najaag van elke veranderingsteken waarmee ons te doen kry nie.

ORIËNTASIE VAN DIE STUDENT

As u aan my as praktiese sakeman sou vra hoe u dan u eie studies met al hierdie dinge as agtergrond moet inklee, wil ek net enkele fasette aan u voorhou. Die eis van voldoende en deeglike akademiese kennis spreek vanself en dit is vir my onnodig om te sê dat dit 'n voorvereiste is dat u in die eerste plek suksesvol sal moet studeer.

U sal moet beplan. U sal 'n doelwit vir u lewe duidelik moet uitspel – 'n doelwit waarin u, onder andere, sal moet werk vir iets groter as uself – 'n verhewe doelwit. U behoort aan die blanke groep van hierdie bevolking en vir elkeen van u sal die eis van leierskap in 'n bepaalde kring baie sterk geaksentueer word.

Om goeie menslike verhoudinge te handhaaf en u kennis suksesvol uit te dra, moet u effektief kan kommunikeer. As iemand wat 'n aantal jare in die praktyk staan, het ek reeds heelwat kennis gemaak met mense met besondere akademiese opleiding; mense wat egter as gevolg van 'n gebrek aan gebalanseerde persoonseienskappe en veral die vermoë om behoorlik te kommunikeer, byna geen vordering in die praktyk gemaak het nie. Daar is die bekende uitdrukking dat daar slegs

twee redes is waarom 'n mens 'n ding nie kan doen nie; eerstens, hy wil nie en, tweedens, hy weet nie hoe nie.

DIE VERHOUDING: DOSENT-STUDENT-PRAKTYK

Uit my eie ondervinding en in die lig van 'n steeds veranderende wêreld, is ek oortuig dat groter skakeling tussen die dosent, student en die praktyk baie noodsaaklik is. In hierdie proses sal daar seer sekerlik aanpassings gemaak kan word tot voordeel van alle partye.

Dit is vir my verblydend, meneer die Rektor, dat u universiteit reeds ver gevorder het op die pad van u interne beplanning; beplanning nie alleen vir die bevrediging van die fisiese behoeftes van u studente nie, maar ook t.o.v. die akademiese groei en langtermyn-ontwikkeling van hierdie universiteit.

'n Ander aspek is dat op die dosent ook die verantwoordelikheid rus om voortdurend ook met die veranderde omstandighede wat aan die student by die beoefening van beroepe gestel gaan word, rekening te hou. As leiers mag u nie 'n student op 'n studiebaan laat gaan in 'n veld waar sy beroepsgeleenthede beperk of afnemend van aard sal wees nie.

Die vraag kom by 'n mens op of beskikbaarstelling van gegradueerde persone tred gehou het met veranderinge in werksgeleenthede oor dieselfde periode. Tweedens, of dit tred hou met beplande uitbreidings in ons sosio-ekonomiese struktuur oor die kort- en langtermyn. Ek bepleit steeds groter skakeling tussen universiteit en praktyk. Doeltreffende hulpmiddels sal ontwikkel moet word om die bane van studieontwikkeling te laat sinkroniseer met die bane van beroepsmoontlikhede.

Daar is beslis 'n groot leemte in Suid-Afrika t.o.v. die skakeling tussen hoër opleiding en die praktiese lewe.

As dosente is u bewus van u verantwoordelikheid om nie net kennis vir kennisonthalwe te verskaf nie. Ek weet dat u dosente steeds trag om volwaardige burgers vir ons land op te lei. Graag wil ek waardering uitspreek vir die werk wat u in die verlede gedoen het en nog steeds doen om u studente te help om die nodige vereistes vir korrekte optrede, persoonlike beplanning en gebalanseerde leierskap te bekom. Dit bly 'n uitdagende taak.

Mag ek u daaraan herinner dat die mens minder verskil in sy bekwaamheid as in sy geesdrif en toewyding tot die aanwending van die vermoë waaroor hy beskik. Ek glo dat dit noodsaaklik is dat u dosente voortdurend in 'n geleentheid gestel moet word om te beweeg tussen studente – ook buite die klaskamer. Begeesterde leierskap is noodsaaklik om begeesterde volgelinge te kweek.

DIE PRAKTYK

Dit is welbekend dat in die jongste jare 'n nuwe en gewaardeerde verhouding tussen universiteit en praktyk ontwikkel in soverre dit die voorsiening van fondse betref. Van die kant van die sakelewe, kan ek getuig van 'n steeds groter wordende bewussyn by sakeleiers om hoër opleiding finansieel te ondersteun. Die sakelewe kan nog sekerlik meer doen en hierdie verhouding moet voortdurend verstewig word. Dit bly 'n uitdaging, nie alleen aan sakemense nie, maar ook aan elkeen wat in die praktyk staan om op hierdie terrein sy plig behoorlik te doen.

Ons het hier 'n mooi proses aan die gang gesit. In die lig van wat ek aan u gestel het, is daar, myns insiens, egter nog 'n leemte. Die praktyk moet naamlik op 'n meer persoonlike diensbasis, 'n bydrae lewer in die verhouding dosent/student. Die kennis en ervaring van die praktyk moet terug herlei word na die universiteit as die bron van kennis en opleiding. Die tweegesprek dosent/student moet 'n driegesprek praktyk/dosent/student word.

Meneer die Rektor, kan ons nie 'n „praktykweek" hier aan u universiteit begin nie? 'n Week waarin sake- en ander leiers uit die praktiese lewe op u kampus kom inwoon om met dosente en studente saam te verkeer en sodoende vrugbare kruisbestuiwing te bewerkstellig.

As iemand wat onder verskillende omstandighede met die jeug van ons volk te doen kry, wil ek my vertroue in die kwaliteit en vermoë van Suid-Afrika se jongmense bevestig. Ek ken ook die kwaliteite en trotse prestasies van Maties en oud-Maties.

Mag u wat vanaand vir die eerste keer Maties word die geesdrif, trots en besieling wat hierdie universiteit reeds vir meer as honderd jaar in ons land uitdra, spoedig aanvoel. Mag u senior studente dit by vernuwing ondervind en aan die nuwelinge geesdriftig oordra. Mag u as rektor met u dosente en personeel, steeds groter besieling uit die opleiding en ontwikkeling van Maties put. Ons in die praktyk wag op die Maties van die toekoms!

Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid 9 Maart 1972

Altesame 391 grade en diplomas is toegeken. Hiervan was 12 doktorsgrade. Twee-en-veertig grade is reeds in 1971 verwerf, maar nie op die plegtighede in Desember toegeken nie. Die ander het bestaan uit 32 magister-, 74 honneurs-, 161 eerste baccalaureus-, 28 B.Sc. B.Ing.- en 8 LL.B.-grade. Vier-en-dertig diplomas is toegeken.

Die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, het die grade toegeken.

Nuwe Doktore

DIE GRAAD D.PHIL.

CILLIERS, Charl Andries
Proefskrifonderwerp: „Die Groep-Rorchach en die Begaafde Student".
Promotor: Prof. J. M. du Toit.

DIE GRAAD D.TH.

DE KLERK, dr. Jeremias Jesaias
Proefskrifonderwerp: „Die Onderlinge Vermaning in Pastorale Perspektief".
Promotor: Prof. D. W. de Villiers.

DIE GRAAD D.PHIL.

GILIOMEE, Herman Buhr
Proefskrifonderwerp: „Die Kaap tydens die eerste Britse bewind 1795–1803".
Promotor: Prof. D. J. Kotzé.

DIE GRAAD PH.D. (LANDBOU)

KRUGER, Theodoris Johannes Jacobus
Proefskrifonderwerp: „Sekere Aspekte van Prestasiemeting by Merinoskape".
Promotor: Prof. P. J. de Wet.

DIE GRAAD D.PHIL.

LOUW, ds. Daniël Johannes
Proefskrifonderwerp: „Toekoms tussen Hoop en Angs. 'n Ondersoek na die funksie van die ‚ontologie van die nog-nie-syn' in die hedendaagse filosofie en teologie van die hoop, met besondere verwysing na die denke van Ernst Bloch en Jürgen Moltmann".
Promotor: Dr. H. W. Rossouw.

DIE GRAAD PH.D.

RUST, Nicolaas Johannes Albertus
Proefskrifonderwerp: „Laagliggende energietoestande in ^{45}Sc".
Promotor: Prof. W. L. Mouton.

DIE GRAAD D.SC.

THERON, Johannes Nicolaas
Proefskrifonderwerp: „The stratigraphy and sedimentation of the Bokkeveld Group".
Promotor: Prof. A. P. G. Söhnge.

DIE GRAAD PH.D. (ING.)

VAN DER WALT, Johannes
Proefskrifonderwerp: „Heat Transfer During Laminar Film Condensation of Saturated and Superheated Freon-12".
Promotor: Prof. D. G. Kröger.

DIE GRAAD D.PHIL.

VAN NIEKERK, Hermanus Gerhardus
Proefskrifonderwerp: „Die Intellektueel Begaafde Student: 'n Persoonlikheidsondersoek".
Promotor: Prof. J. M. du Toit.



DIE GRAAD D.ED.

VAN NIEKERK, Jan Frederik
Proefskrifonderwerp: „Studiegewoontes en -metodes van matriekleerlinge en eerstejaarstudente aan die universiteit – 'n vergelykende studie".
Promotor: Prof. G. Stander.

DIE GRAAD PH.D.

VAN REENEN, Reenen Jacob
Proefskrifonderwerp: „Oorgangswaarskynlikhede van laagliggende kerntoestande in ^{35}Cl".
Promotor: Prof. W. L. Mouton.

DIE GRAAD PH.D.

VISSER, Christiaan Jacobus
Proefskrifonderwerp: „Kernfisiese metings om 'n kilocurie ^{60}Co-bron".
Promotor: Prof. W. L. Mouton.

NUWE DOKTORE VAN U.S.

Voor, l.n.r.: Dr. J. van der Walt, mnr. R. P. Conradie (Registrateur Akademies), prof. J. N. de Villiers (Rektor), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier), mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel), drr. H. G. van Niekerk, en J. J. de Klerk.
Agter: Drr. H. B. Giliomee, J. F. van Niekerk, C. A. Cilliers, R. van Reenen, N. J. A. Rust, J. N. Theron, D. J. Louw en C. J. Visser.

VADER EN DRIE KINDERS INGESKREWE STUDENTE (1969–1971)

L.n.r.: Dr. G. J. van Lill, D.Ed. (1971), tans hoof, Hoërskool Grens, Oos-Londen; Hermanus, B.A. B.Th. (1971) oud-primarius van Dagbreek; Elsabe, B.A. (1972); Willem, B.Sc., Bosbou Honneursgraad (1972).





Kursusse

Periandros van Korinthe – 'n Prestasie van die Departement van Drama

Die versdrama, *Periandros van Korinthe,* van D. J. Opperman is die eerste maal in 1955 in die Kleinteater van die Universiteit Kaapstad opgevoer en ook twee aande in die Botha-saal op Stellenbosch. Die regie was van Ria Olivier wat vir die opvoering 'n groep Kaapse amateurspelers bymekaar gebring het. Fred le Roux het die rol van Periandros vertolk. Ander geselskappe het die stuk later ook in Pretoria en Pietermaritzburg op die planke gebring.

Nou, na sewentien jaar het Ria Olivier, tans lektrise in toneelspel by die Departement van Drama, die drama weer aangepak; hierdie keer met die Universiteitsteater. Die stuk wat 15 spreekrolle en minstens 30 figurante op die rolverdeling het, is 'n swaar toets vir enige regisseur. Vir die speler wat die titelrol moet behartig, is dit 'n ware vuurproef met om en by die duisend versreëls om van buite te leer en daarby nog te akteer. Met hom staan of val die stuk en dit was die verdienste van Philip du Plessis dat hy die rol met selfversekerdheid en vuur gespeel het.

Maar die opvoering was veral 'n gesamentlike inspanning waarin prakties die hele Departement van Drama betrokke was. Studente en dosente – vanaf die Hoof van die Departement tot die eerstejaars – het hul bydrae gelewer om die opvoerings op 21, 22, 27, 28 en 29 April tot 'n sukses te laat uitgroei.

Die opvoerings het deurgaans voor vol sale gespeel en baie Stellenbossers en skole moes tot hul spyt agterkom dat ook 'n eie Afrikaanse versdrama tot die allerlaaste plek uitverkoop was, lank voordat die voorstellings begin het.

Die laaste opvoering op 29 April, was die Rektor en mev. De Villiers se aand. Hulle het vir die geleentheid 'n paar hoë gaste na die H. B. Thom-teater genooi om hulle te vergas op 'n Afrikaanse versdrama, waarby die skrywer ook teenwoordig was.

L.n.r.: Kuupselos (David Malan), Lukophroon (Johann van Heerden), Melissa (Tarina Kleyn) en Periandros (Philip du Plessis).
Voor: Die simboliese koringkis en Hermionee (Eugenie Kruger).

Die vyf voorstellings is deur 2 225 toeskouers bygewoon. Skole en kolleges was goed verteenwoordig.

J. H. P. A. WILLEMS

MATIE-REKENAAR GESELS IN AFRIKAANS

Vanaf vanjaar kan studente in die Elektrotegniese Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch in Afrikaans met die mini-rekenaar van die Departement Elektrotegniese Ingenieurswese „gesels". Dit is, sover bekend, die eerste keer dat 'n elektroniese rekenaar kan reageer op instruksies wat in Afrikaans na die rekenaar gevoer word, en ook sy antwoorde ten volle in Afrikaans kan lewer.

Instruksies word normaalweg na elektroniese rekenaars gevoer in een of ander van die bekende internasionale rekenaar woordtale, waarvan Fortran, Algol, Basic, ens. bekende voorbeelde is. Hierdie woordtale bestaan almal uit vereenvoudigde Engelstalige instruksies. Van hierdie tale is *Basic* besonder bruikbaar met mini-rekenaars, en word dit veelal toegepas vir die oplos van ingenieurs-probleme.

Mnr. J. J. du Plessis, Senior Lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese aan U.S., het daarin geslaag om 'n Afrikaanse en verbeterde vorm van die Basic woordtaal, vir gebruik met mini-rekenaars, te ontwikkel.

Dié nuwe woordtaal staan bekend as ABAKUS, wat 'n afkorting is vir „Afrikaanse Basic met Afkortings en Kladblad, van die Universiteit van Stellenbosch".

Indien nodig, kan die rekenaar sy antwoorde en vrae ook in die „Engelstalige" Basic lewer wanneer dit daarom gevra word. Die rekenaar is dus ten volle

„tweetalig" en kan programme self vertaal vanuit Basic na ABAKUS, en andersom.

FAKULTEIT VAN TANDHEELKUNDE

'n Nuwe kursus in Mondbiologie is vir studente in Tandheelkunde ingestel om hulle toe te rus met gespesialiseerde kennis van anatomie en fisiologie wat vir 'n tandarts van belang is.

Prof. J. van de S. de Villiers, dekaan van Tandheelkunde, meen dat unieke navorsing onder die groot getal verskillende rasse en ons groot erfenis van prehistoriese mense gedoen kan word.

Dr. B. G. J. van Rensburg, B.D.S., H. Dip. Dent., wat verlede Oktober as senior lektor by U.S. aangestel is, sal die kursus behartig. Hy was van 1960 af senior lektor in Tandheelkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Dr. B. G. J. van Rensburg

MAATSKAPLIKE WERK: PLEGTIGE VERKLARINGS

Op die bygaande foto verskyn 69 tweedejaar Maatskaplike Werkstudente wat op 16 Maart voor die Rektor plegtige verklarings oor hulle werk afgelê het. Mev. Tinie Vorster het hulle toegespreek en die verklarings oorhandig.

Die 69 studente

Mev. Tinie Vorster en prof. Erika Theron.

Mev. Vorster staan hier by haar oud-leermeesteres, prof. Erika Theron, want mev. Vorster dra die eer dat sy nommer 1 staan op die lys van geregistreerde maatskaplike werksters.

BESTUURSKOOL

Die foto is geneem op 21 April 1972 by 'n funksie aangebied deur die Ou Mutual by geleentheid van die oorhandiging van goue medaljes aan drie studente in Besigheidsbestuur en -administrasie. Van links na regs verskyn prof. J. van der Meulen (Direkteur Nagraadse Bestuurskool), mnr. N. Lilleike (Hons.-B. (B. & A.)), mnr. A. B. D. Ficker (M.B.A.), prof. A. J. van der Merwe, mnr. R. P. Conradie (Registrateur, Akademies, U.S.).

L.n.r.: Prof. Frans van der Merwe (Veekunde), dr. H. Zintzen, mnr. E. Pawson (Besoeker) en dr. W. A. Vosloo (Veekunde).

VEEDESKUNDIGES

Dr. H. Zintzen van Basel, Switserland, het op 24 April 1972 die Stellenbosse Vereniging vir die Bevordering van die Landbou-wetenskap toegespreek oor: Vitamienaanvullings tot veevoere.

Militêre Studente Stap deur Namib

SOSSUSVLEI NA SYLVIA HÜGEL

„Verlate, verdor, deur die lewe verstoot,
Is my wese verbitter met tyd;
En ek voer in die diens van meester, die dood,
Met alles wat lewe 'n stryd."

So het die digter Schlengemann die Namibwoestyn, waar die finalejaarstudente van die Militêre Akademie gedurende Aprilmaand avontuuropleiding ondergaan het, beskryf. Na weke van intensiewe voorbereiding het Oefening Namibia vir 'n groep van 25 Leër- en Lugmagstudente en 5 staflede 'n harde werklikheid geword.

Oefening Namibia het o.m. 'n staptog van Sossusvlei af deur die woestyn na Sylvia Hügel aan die kus behels. Die tydsduur toegelaat om die afstand van 100 kilometer af te lê, was drie dae. Met uitsondering van water wat daagliks per helikopter voorsien is, moes die deelnemers selfonderhoudend wees; met ander woorde alle noodsaaklike uitrusting moes per rugsak, wat sowat 25 kilogram geweeg het, saamgedra word.

Aangesien die doel van avontuuropleiding o.m. is om studente aan terrein- en klimaatuiterstes te onderwerp, is die Namibwoestyn inderdaad 'n ideale oefenterrein. In die onmiddellike omgewing van Sossusvlei kom nie alleen die hoogste sandduine op aarde voor nie, maar temperature van oor die 100 °F is 'n alge-

Sylvia Hügel lê ver! Kyk die skaduwees teen die oorkantse duin.

mene verskynsel – selfs teen 0800-uur! Die digter Klein-Werner het ongetwyfeld aan die Namib gedink toe hy in sy pragtige *Das Südwester Lied* gesê het:

„Hart wie Kameldornholz ist unser Land."

Teen 0600-uur op Maandagoggend, 10 April het die eerste sindikaat (die deelnemers was in 4 sindikate ingedeel) die voorgeskrewe kompaskoers see toe ingeslaan. Elke driekwartier daarna het nog 'n sindikaat die tydelike basis in Sossusvlei verlaat, en van daardie oomblik af was die enigste verbintenis met die buitewêreld 'n helikopter wat daagliks, net voor laaste lig, sy verskyning sou maak en dan per radio geroep kon word. Geen wonder nie dat die manne dit eens is dat die mooiste gesig in die Namib 'n helikopter is wat oor die duine hang.

Dat enkele studente die stryd gewonne moes gee, getuig van die feit dat hierdie oefening 'n uitstekende toets vir enige soldaat is. Aan die ander kant het Kol. Pieter de Vos, 'n oupa van 6 kleinkinders, met oor die 50 somers agter die rug, „sommer interessantheidshalwe" die oefening meegemaak, en deur die gemak waarmee hy dit gedoen het, getoon dat dit nie 'n onbillike toets is om jong manne aan te onderwerp nie. Die Militêre Akademie se bevelvoerder, Brig. Potgieter, het dan ook reeds aangedui dat *Oefening Namibia* 'n jaarlikse instelling gaan word.

Kmdt. C. R. J. Thirion

Bevorderings en Aanstellings

EREPROFESSOR IN FISIKA

Dr. Izak van Heerden, hoofwetenskaplike van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite en een van die Republiek se voorste kernfisici, is deur die Universiteit van Stellenbosch aangestel as ereprofessor in Fisika.

Dr. Van Heerden, wat in 1946 die graad B.A. met Filosofie en Grieks as hoofvakke *cum laude* aan U.S. behaal het, het die grade B.Sc. en M.Sc. in 1949 en 1951 onderskeidelik ook *cum laude* aan U.S. verwerf. Sy doktorsgraad het hy in 1955 aan die Universiteit van Manchester behaal.

NUWE PROFESSORE

Dr. P. M. Barnard, in Borskas Chirurgie.

Dr. J. N. de Klerk, in Urologie.

Mej. I. M. Hofmeyr, in Verpleegkunde

Dr. P. G. Joubert, in Ortopedie.

Dr. M. P. Keet, in Kindergeneeskunde.

Dr. H. G. van Niekerk, in Sielkunde.

Dr. H. W. Rossouw, in Filosofie.

Dr. H. P. Wasserman, in Interne Geneeskunde.

DIE EERSTE MEDEPROFESSORE VAN U.S.

Tien senior lektore van U.S. is aangestel as die eerste medeprofessore in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch. Hulle is :

dr. B. Bouwer (Wiskundige Statistiek)
dr. P. J. Conradie (Grieks)

Dr. Izak van Heerden

Prof. P. M. Barnard



Prof. J. N. de Klerk

Prof. I. M. Hofmeyr



Prof. P. G. Joubert

Prof. M. P. Keet

Prof. H. G. van Niekerk

Prof. H. W. Rossouw



Prof. H. P. Wasserman



Prof. B. Bouwer

Prof. P. J. Conradie

Prof. J. J. Cruywagen

Prof. M. E. Malan



Prof. D. J. Marais

Prof. M. J. C. de Reville

Prof. M. P. de Vos



dr. J. J. Cruywagen (Chemie)
dr. M. J. C. de Reville (Ekonomie)
dr. M. P. de Vos (Botanie)
dr. M. E. Malan (Soölogie)
dr. D. J. Marais (Fisika)
dr. J. W. Postma (Liggaamlike Opvoedkunde)
dr. J. G. Steytler (Interne Geneeskunde)
dr. H. W. Weber (Grondkunde)

Bevorderings

Mnr. B. J. Bester, tot senior lektor in Landbou-ekonomie.

Mnr. R. N. Laurie, tot lektor in Chemie.

Mnr. J. S. Malherbe, tot lektor in Chemie.

Mnr. D. J. M. van Eijk, tot senior administratiewe beampte.

Mnr. J. P. Rossouw, tot senior administratiewe beampte

Mnr. C. M. van den Heever, tot senior administratiewe beampte (programmeerder).

Mnr. P. J. van Schaik, tot tegniese beampte by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Dr. H. B. Giliomee, tot senior lektor in Geskiedenis.



Prof. J. W. Postma

Prof. J. G. Steytler



Prof. H. W. Weber

Aanstellings

Dr. H. J. van Rensburg, as senior lektor in Mikrobiologie (Landbou).

Mnr. W. A. Joubert, as lektor in Wynkunde.

Mnr. J. C. Visagie, as lektor in Geskiedenis.

Mnr. C. P. de Leeuw, as lektor in Biblioteekkunde.

Mnr. G. Swanepoel, as senior bibliotekaris in die Universiteitsbiblioteek.

Mnr. D. J. Visser, B.Sc. Landbou (1956), is vanaf 1 Mei 1972 as Ontwikkelingsbeampte in die Dept. van Ontwikkeling aangestel. Hy was vantevore by die Wolraad werksaam. Hy is getroud met mej. Gerty Rossouw van Durbanville. Die egpaar het vier kinders.

Dr. J. J. Gildenhuys, as lektor in Anatomie vanaf 1/4/72.

Dr. S. F. G. Wessels, as senior lektor in Wiskunde vanaf 1/7/72.

Mnr. R. Strijdom, as programmeerder by die Rekensentrum.

Mej. M. M. Müller, as programmeerder in die Dept. Rekenaarwetenskap.

Mnr. E. P. S. Taljaard, as senior lektor in Parke- en Ontspanningsadministrasie.

Mnr. D. J. Visser

Beplanning van 'n Ontwikkelingskema vir die Universiteit van Stellenbosch

Voorlopige Verslag Aangebied deur die Dept. van Ontwikkeling van U.S.

'N UNIVERSITEIT HET VERANTWOORDELIKHEID

Die groei en ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch – die oudste Afrikaanse Universiteit – is 'n saak waarby die inwoners van die dorp sowel as die duisende oud-studente van hierdie Universiteit dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika groot belang het. In die lig hiervan is die verskyning van die Voorlopige Verslag oor die beplanning van 'n ontwikkelingskema vir die Universiteit van Stellenbosch tot 1990 'n belangrike gebeurtenis.

In sy voorwoord tot die Voorlopige Verslag sê dr. J. S. Gericke, Vise-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, dat Stellenbosch die verantwoordelikheid wat op alle universiteite rus om deeglik te beplan, ernstig beskou, en dat hy 'n span deskundiges van binne en buite die Universiteit byeengebring het wat in die voorlopige verslag van hul ondersoek mededelings en voorstelle het wat die belangstelling en aandag van almal verdien.

„Die vraag na akademies opgeleide mense het die afgelope aantal jare teen 'n ontsaglike tempo toegeneem. Om in hierdie behoefte te kan voorsien, moet die universiteite grootskaalse uitbreidings onderneem. Die voorsiening van huisvesting vir die groeiende getal studente, die oprigting van akademiese geboue, die aankoop van grond, en so meer, kan nie sonder deeglike vooruitbeplanning geskied nie. Die miljoene rande waarmee die staat die universiteite subsidieer en wat uit die sak van die belastingbetaler moet kom, die stygende koste waarvoor ouers moet instaan, en bowenal, die noodsaaklikheid om die beste geleenthede te skep vir die seuns en dogters van ons volk van wie die toekoms van ons land in hoë mate afhang, plaas die onontwykbare plig op elke universiteit om sy ontwikkeling planmatig te laat geskied", skryf dr. Gericke.

„Die bydrae wat hulle moet lewer, help nie net om die Universiteit se toekoms te bepaal nie, maar sal ook ingryp in die toekoms van die duisende jongmense vir wie se verstandelike en geestelike ontwikkeling hierdie Universiteit verantwoordelik sal moet wees in die jare wat volg". Die verslag wys daarop dat die funksie van Universiteite moet wees om kennis te handhaaf, te versprei en uit te brei – kennis wat spruit uit menslike beredenering en waarneming – en dat kommunikasie, waarvan die gehalte deur 'n groot aantal faktore bepaal word, van die allergrootste belang is.

RUIMTELIKE RASIONALISASIE

In die lig hiervan moet die vorm en die ontwikkeling van 'n universiteit gewortel wees in 'n rasionalisasie, in die ruimtelike sin, van die akademiese aktiwiteite waarvoor voorsien moet word. Hierdie aktiwiteite moet op hul beurt, en waar toepaslik, weer in ewewig gebring word met die noodsaaklike vereistes van residensiële verblyf en ontspanning.

Dit word beklemtoon dat die benadering vir 'n bepaalde universiteit en die nakoming van vereistes wat met sy ontwikkeling in verband staan, deur sy behoeftes bepaal word. In Stellenbosch se geval moet in aanmerking geneem word dat dit geen stedelike universiteit soos Johannesburg of Kaapstad is nie en ook geen geïsoleerde akademiese entiteit nie. Dit is inderdaad 'n universiteitsdorp in dieselfde sin as wat Cambridge, Yale en ander is. En as 'n universiteitsdorp wat gegroei het uit op een na die oudste blanke nedersetting in die Republiek – Stellenbosch sal in 1979 driehonderd jaar oud wees – het dit heelparty van die eienskappe van 'n ou nedersetting geërf.

Hierdie eienskappe is belangrike faktore wat in aanmerking geneem moet word in enige stuk beplanning vir die toekomstige ontwikkeling van die Universiteit. Hier dink 'n mens veral aan die bekoorlike karakter van die dorp en die talle historiese geboue wat behoudenswaardig is.

HISTORIESE ONTWIKKELING

Ter wille van 'n volledige prentjie is dit nodig om kortliks die geskiedenis van die dorp en die Universiteit te skets. Toe Simon van der Stel, destydse goewerneur van die Kaap, die Stellenbosch-gebied in 1679 besoek het, het hy die moontlikhede vir die stigting van 'n nedersetting dadelik raakgesien. Die vrugbare vallei, omring van hoë bergreekse, was 'n aantreklike landskap vir die stigting van 'n dorp en die beoefening van landbou.

Die dorpie wat met dertien vryburger-gesinne begin het, het vinnig gegroei. In die jare tagtig van die sewentiende eeu is belangrike voorstelle vir die toekomstige ontwikkeling van die dorp gedoen. Hieronder was 'n reglynige straatpatroon parallel met die Eersterivier wat vandag nog duidelik is. Landbou- en nywerheidsontwikkeling het nie agterweë gebly nie en die wynnywerheid, wat vandag so belangrik vir Stellenbosch is, het al hoe sterker na vore getree.

Opvoedkundige ontwikkeling het tred gehou met die groei van die dorp, soos bewys deur die ontstaan van drie voorbereidende skole, 'n hoër skool, en 'n teologiese kweekskool. Uit die hoër skool het uiteindelik die Victoria-kollege ontwikkel, waaruit die Universiteit van Stellenbosch in 1918 gebore is.

Akkommodasie en geriewe in en om die sportterrein wat oorspronklik aan die universiteit toegewys is, is in die laaste jare van die negentiende en in die beginjare van die twintigste eeu geleidelik uitgebrei. Hierdie gebied tussen Victoriastraat, Merrimanstraat, Van Rhyneveldstraat en Cluverweg is vandag die groeikern en geografiese middelpunt van die universiteitskampus.

Die Voorlopige Verslag behandel die probleme en behoeftes waarop die beplanningskonsultante, die argitekte en stadsbeplanners, Colyn en Meiring, en die beplanningspan van die Universiteit reeds afgekom het in hul ondersoek na die groei- en ontwikkelingspatrone in die laaste aantal jare en dui die basis aan vir 'n benadering wat in die toekoms met behulp van verdere studie en ondersoek uitgebou kan word tot 'n doeltreffende ontwikkelingsplan vir die Universiteit van Stellenbosch.

DIE BENADERING

As ideale benadering word 'n plan voorgestel wat van eenvoudige kerne trapsgewyse tot meer komplekse eenhede uitgebou kan word sonder om akademiese doeltreffendheid en omgewings of sosiale bevalligheid prys te gee. Die meeste van die hoofstukke in die verslag word met kaarte, histogramme en diagramme toegelig, en bestaan uit 'n evaluasie van die huidige opset, 'n kort vertolking van die kaart, histogram of diagram en breë beplanningsvoorstelle.

Omdat die meeste van die ernstigste beplanningsprobleme waarmee die Universiteit van Stellenbosch te doen het óp en óm die Stellenbosch-kampus voorkom, handel die verslag net hieroor. Die satelliet-kampuskomplekse in Bellville en Tiervlei en op Saldanhabaai sal in 'n later stadium ondersoek word.

Die primêre oogmerk was om die patroon en tendense te identifiseer wat eie is aan of sluimerend is in die Universiteit se groei oor die laaste jare, en om 'n raamwerk daar te stel waarbinne die voortsetting daarvan volgens 'n bestaanbare patroon gereguleer kan word.

In hierdie raamwerk sal die beperkings wat deur bestaande ontwikkeling opgelê word – in besonder die vorm en stand van belegging in verband daarmee – en omliggende ontwikkeling wat nie onder beheer of in besit van die Universiteit is nie, in aanmerking geneem moet word.

As 'n leidende universiteit trek Stellenbosch sy studente uit 'n groot gebied. Vanweë geografiese en taalverwantskap kom die meeste van die studente aan die Universiteit van Stellenbosch uit die Kaapstadse stadswerm, veral van die noordelike voorstede en dorpe soos Malmesbury, Wellington en die Paarl. Die res kom van dorpe buite hierdie hipotetiese streek in Kaapland en van Transvaal, Natal, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika. Die inskrywings uit die groter streek verteenwoordig egter begryplikerwys 'n kleiner persentasie van die bevolking as wat vir die gebied nader aan Stellenbosch die geval is.

MOONTLIKE BEPERKINGS OP GROEI

Dit kan verwag word dat daar 'n bevolkingsgroei in die hele opvanggebied sal wees en dat dit naastenby in verhouding tot die groei, meer universiteitstudente sal oplewer. Die Universiteit van Stellenbosch moet dit in gedagte hou wanneer hy vir die toekoms beplan.

Die posisie is tans dat die studente sowat 45% van die blanke bevolking van Stellenbosch uitmaak en dit

word beskou as 'n redelike verhouding vir 'n universiteitsdorp. Indien die posisie sou verander en die studentebevolking styg vinniger as die blanke bevolking, kan dit tot die nadeel van die dorp se karakter wees. Hierdie gevaar sal groot wees die oomblik wanneer die studente meer as 50% van die blanke bevolking uitmaak en hierdie persentasie word derhalwe as 'n perk beskou.

As die Universiteit tot 'n 1990 dieselfde groeitempo handhaaf as van 1961 tot 1970 dan sal teen 1990 die sowat 10,800 studente 48,5%, d.w.s. nog minder as 50% van die blanke bevolking, wees en dit lyk asof beplanningsdoelwitte vir die beplanningstydperk (1970–1990) nie aangepas sal hoef te word om die bestaande verhouding te handhaaf nie.

Belangrik in hierdie verband is dat baie van die blanke werknemers op Stellenbosch elders woon, maar dan moet terselfdertyd genoem word dat groot dorpsuitbreidings – sowat 1 000 woonerwe – hangende is. Terselfdertyd is die groei van die dorp, sy besighede en sy nywerhede 'n uitgemaakte saak.

Die vroeë groei van die dorp dui op 'n tipiese uitbreidingspatroon waarin gebruik gemaak is van persele met natuurlike voordele wat maklik ontwikkel kon word. Die Universiteit het teen 1920 in sy huidige gedaante na vore getree en daarna 'n groeipatroon van sy eie vertoon wat teen 1940 goed ontplooi was. Universiteitsuitbreiding was in hoofsaak beperk tot ou sportterreine en naburige straatblokke.

DORP EN UNIVERSITEIT OORVLEUEL

Danksy die vroeë voorsorg wat getref is vir die ontwikkeling van akademiese akkommodasie is dit vandag vir die Universiteit moontlik om in 'n noordelike en 'n suidelike rigting uit te brei, terwyl die dorp se residensiële gebiede hoofsaaklik in 'n oostelike en 'n suidwestelike rigting groei. Dit is egter so dat die Universiteit en die dorp se groei oorvleuel en die posisie is tans dat residensiële gebiede wat nie vir hoër onderwys gesoneer is nie, die sentrale kampus van sy suidelike (sport) en noordelike (nuwe akademiese ontwikkeling) gebiede skei en dat daar 'n gebrek aan behoorlike verbindings tussen hierdie gebiede van die Universiteit is. Dit lewer sirkulasie-probleme, en die feit dat 'n hele aantal openbare strate in die sentrale kampus deur eiendomme sny, wat in die geheel Universiteitsbesit is, hou groot gevare vir digte voetgangerverkeer in.

Interessant is dit om te let op die groeipatroon in ouer Europese universiteitsdorpe, wat in hoofsaak van 'n historiese sentrale kern uitgegroei het na 'n omliggende gebied van stedelike hernuwing. In Stellenbosch is weinig tekens hiervan.

HISTORIESE GEBOUE: OUES EN NUWES

Ook ten opsigte van ou en historiese geboue is daar besondere probleme. Ondersoek van die posisies van sodanige geboue het bevestig dat hulle meestal in 'n gebied om die Braak, langs Dorpstraat, langs die suidelike uiteinde van Van Rhyneveldstraat, in sones 4 en 7 (sien soneringskaart) van die Universiteitskampus en langs die westelike uiteinde van Markstraat voorkom.

Dan is daar 'n tweede groep – die C. L. Marais-biblioteek, die Ou Hoofgebou, Wilgenhof, 'n gedeelte van die Sinagoge in Van Rhyneveldstraat en Erfurthuis in Van Rhyneveldstraat – wat ín en óm die Universiteitsgebied is.

Benewens hierdie twee groepe is daar ook 'n klompie ou geboue van meer resente boustyl wat nog nie as histories beskou word nie, maar moontlik eendag so beskou sal word. Dit is geboue, soos die huis op die hoek van Neethling- en Van Riebeeckstraat, uit die begin van die negentiende eeu met hul sinkdakke, verandas met pilare, trasering en gewelf van gegote yster. Hulle verteenwoordig 'n boustyl wat die belangstelling wek van bewaringsentoesiaste in Amerika en Australië en daar behoort aandag gegee te word aan die kartering en die beplanning van die beste voorbeelde ten einde te voorkom dat hulle verdwyn.

Die meeste ou of historiese geboue staan in 'n gebied suidwes van die Universiteitsterrein en hulle behoort geen buitengewone invloed te hê op Universiteitsontwikkeling nie. Voorsorg behoort getref te word om alle historiese geboue van goeie kwaliteit wat aan die Universiteit behoort in sodanige toestand is dat hulle bewaring verantwoord kan word, te behou.

Prof. J. N. de Villiers (Rektor) en mev. Anna Eksteen (Onder-burgemeesteres van Stellenbosch) betrag die skaalmodel van universiteitsgeboue . . . (in wit) geleë tussen Merrimanlaan (links), Cluverweg (verste bo), van Riebeeckstraat (regs) en Andringastraat (hoek, regs onder). Inlasse (l.n.r.): mnr. G. Colyn (Beplanningskonsultant), mnr. J. E. Potgieter (Beplanningsadviseur van U.S.) en mnr. J. G. Gleave (Direkteur van Ontwerp en Hoofinhoud).

SONERINGSKAART



STRATE EN SONERING

Stellenbosch se strate en die sonering van die dorpsterrein verdien aandag. Op die soneringskant is die grond wat tans deur Universiteitsgeboue beset word en dié wat beskikbaar is vir die vestiging van toekomstige ontwikkeling vir gerieflike verwysing verdeel in genommerde straatblokke en sones. Die huidige reglynige straatpatroon in die gebied wat in die vroeë jare 1900 ontwikkel is as uitbreiding van die ou dorpskern, bestaan primêr uit 'n aantal oos-wes en noord-suid-roetes.

Die Konsep Munisipale Dorpsbeplanningskema beveel – na wat verneem word – aan dat al die genommerde sones behalwe 3, 13 en 15 vir toekomstige Universiteitsontwikkeling gesoneer word. Dit is nuttig as bevestiging van die logiese ontwikkeling van Universiteitsbelange. Die weglating van sone 3, en die gebrek aan enige verbindingsarea tussen die sentrale Universiteitsgebied (sone 5) en sy suidelike komponente (sones 7, 8 en 9) en Coetzenburg, Vergenoeg en Welgevallen (sones 11, 12 en 14), word as problematies vir die toekoms beskou. Dit kan in die uiterste geval geleenthede vir geheel-samehangende ontwikkeling en die moontlikheid van 'n primêre verkeerstelsel wat nie inbreuk sal maak op die stedelike verkeerspatroon nie, verhinder. Die uitsluiting van sone 3 is potensieel die ergste van die twee probleme, omdat fisiese verbinding tussen sones 2, 3 en 5 hoogs wenslik is. Synde onverbind met die Universiteit se hoof belangegebiede, word die langtermyn-gebruik van sone 13 vir Universiteitsdoeleindes nie aanbeveel nie.

Ondersoek i.v.m. die gebiede wat tans aan die Universiteit behoort, lei tot die voorstel dat sones 4, 7, 8 en 9 in die toekoms geheel in Universiteitsbesit kom en dat die enkele eiendom in sone 10 vervreem word, tensy ander eiendomme bygevoeg kan word. Die brandpunt van aktiwiteite en die hartgebied van die Universiteit lê in sone 5 en is so goed gevestig dat voorsetting van hierdie funksie daarin klaarblyklik is.

Dit is duidelik dat Victoriastraat die huidige hoofgebiede (sones 4, 5, 6 en 7, 8, 9) geografies verdeel. Dit is 'n ongewenste toestand wat by die vroegste geleentheid uit die weg geruim behoort te word. Daar is verder 'n noodsaaklikheid om die bestaande straatpatroon te rasionaliseer en aan te pas by 'n sirkulasiestelsel wat meer gerig is op keurstrate of voorkeurverbindings vir kampusbeweging. Hierdie aangeleentheid skakel aan by verkeerstudies waarna elders in die Verslag weer verwys word.

Die ondersoek wat gedoen is na die verspreiding en die posisies van die openbare geboue het aan die lig gebring dat dit geen noemenswaardige sterk invloed op die bestaande of toekomstige uitleg van die sentrale Universiteitsterrein of -kampus sal hê nie.

Geproklameerde of voorgestelde dorpsuitlegontwikkelinge wat 'n invloed op toekomstige groeipatrone kan hê, word in die verslag bespreek, hoewel dit nie moontlik was om die grense in verband met elke voorstel presies af te baken nie. Ondersoek is ook ingestel na die interne verkeerspatroon, bestaande voorstelle vir streekspaaie en dorpspaaie en Universiteitsparkering.

OMVATTENDE VERKEERSTUDIE VAN STELLENBOSCH

Hier is bevind dat 'n hele aantal oos-wes-roetes ín en óm die Universiteitsgebied wat groot verkeer dra, inbreuk maak op noord-suid-beweging binne die Universiteit. Veral die planne wat bestaan om Van Riebeeckstraat te verbreed en Merrimanlaan in 'n hoofpad te omskep, is hiervoor verantwoordelik. Verder is bevind dat die parkeerdigtheid in die sentrale kampusgebied baie hoog is en dat motorbesit steeds toeneem. Aanvraag vir parkering, veral van studente wat privaat en buite Stellenbosch woon, neem steeds skerp toe en dra by tot die algemene probleem ten opsigte van parkering.

Voorstelle wat uit die studie van die probleme tot dusver gespruit het, is dat 'n omvattende verkeerstudie, waaruit behoorlike tegniese evaluasie kan voortvloei en wat met nuwe en toekomstige ontwikkeling op datum gehou en uitgebrei kan word, as 'n dringende prioriteit aanbeveel word; asook die beginsel van skeiding tussen voetganger- en motorverkeer waar moontlik op die kampus. Dit bring onder meer die noodsaaklikheid van die sluiting van sekere strate as openbare strate in die sentrale kampusgebied mee. Die strate wat deur die voorgestelde sluiting geraak kan word, is Van Rhyneveldstraat, De Beerstraat, Bosmanstraat en Victoriastraat.

Nog voorstelle sluit in gekonsolideerde parkering in 'n aantal groot, maar behoorlik ontwikkelde parkeergebiede met slegs beperkte parkeervoorsiening teenaan Universiteitsgeboue, die oorbrugging van Merrimanlaan vir voetganger- en motorverkeer tussen die kampus en die noordelike kampusgebied, en dringende ontwikkeling van behoorlike toegang na Coetzenburg en ander suidelike kampusgebiede.

GEOLOGIE, TOPOGRAFIE EN BOOMSTUDIES

Die Voorlopige Verslag maak ook melding van die geologie en topografie van die Stellenbosch-gebied en hierdie voorlopige aanduidings, gerugsteun deur perseelondersoeke later, sal van die grootste belang blyk te wees wanneer daar in die toekoms besluite geneem moet word oor die benutting van 'n bepaalde perseel.

Stellenbosch se gevestigde bome en in besonder die eikelanings langs die strate in die ouer gedeelte van die dorp, wat so 'n groot bydrae lewer tot die dorpslandskapkarakter van die dorp, kry besondere aandag.

Dr. D. G. M. Donald, van die Fakulteit van Bosbou van die Universiteit, het 'n gedetailleerde opname gemaak van die bome wat op die Universiteitsterrein voorkom. Die beplanners stel voor dat die bestaande beleid om gesonde bome sover moontlik te behou, voortgesit word en dat die besóndere bome ten alle koste behou moet word.

UNIVERSITEITSGEBOUE SE BENUTTING EN BEHOUD

Daar is ook ondersoek ingestel na die ouderdom van Universiteitsgeboue, die gebruike van Universiteitsgeboue, lesingsaal-verspreiding, beraamde behoeftes vir akademiese ruimte en die residensiële kapasiteit van die koshuise. Die ondersoek na bestaande Universiteitsgeboue se ouderdom en toestand het getoon dat dit geregverdig is om die C. L. Marais-biblioteek en die Ou Hoofgebou, op grond van hul relatief goeie toestand van bewaring en hul historiese verbintenis met die Universiteit, permanent te behou. Ander ou geboue wat in akademiese gebruik is, het geblyk 'n beperkte benuttingsverwagting te hê. Hulle sal met verloop van tyd gesloop kan word.

'n Verdere groep geboue het geblyk herontwikkelbaar te wees vir ander gebruike, sou dit in 'n rasionalisasieprogram wenslik wees.

Ten opsigte van die gebruike van Universiteitsgeboue is bevind dat dit wenslik en moontlik is om die geografiese opset van akademiese geboue te verbeter, en dat die administrasiegebou, die biblioteek en die voorgestelde studentesentrum goed geplaas is.

Wat betref die moontlikhede vir uitbreiding van koshuise op huidige persele is bevind dat dit uiters beperk is.

AKADEMIESE ONTWIKKELINGSPLAN BENODIG

Die ondersoek na akademiese ruimte en die vooruitbepaling van behoeftes is gedoen aan die hand van 'n projeksie van die groei van studentegetalle van 1961 tot 1970 omdat geen kwantitatiewe groeibeleid beskikbaar was nie. Ten opsigte hiervan word voorgestel dat daar so spoedig moontlik besluit word op 'n Akademiese Ontwikkelingsplan vir die Universiteit, wat as basis kan dien vir meer toegespitste beplanning. Daar is egter bevind dat 'n hele aantal departemente ruimtebehoeftes het op grond van huidige studentegetalle en dit word genoem dat die dringendste behoeftes in Handel en Administrasie en Lettere en Wysbegeerte is. Nog bevindings van die ondersoek is dat die vergroting en die verbetering van die Universiteitsbiblioteek 'n dringende prioriteit is en dat die persentasie voorsiening van koshuis-akkommodasie laag is.

Daar word voorgestel dat die tempo en kwaliteit van groei en ontwikkeling wat beplan word, rekening hou met die status van die Universiteit en wel op so 'n wyse dat bestaanbare en bevallige toestande geskep word, en dat die beste gebruik van hedendaagse tegnieke gemaak word om beskikbare geld op die doeltreffendste manier te benut.

Verder word voorgestel: die verdere uitbouing van die geboue vir administratiewe doeleindes, die biblioteek en die studentesentrum óm die Marais-plein; nuwe geboue vir die Konservatorium vir musiek; uitbreiding van akkommodasie vir Handel en Administrasie en Lettere en Wysbegeerte; vestiging van die Natuurwetenskappe, die Toegepaste Wetenskappe en Tegnologie in nuwe geboue op die ou gholfbaan; die aanpassing vir herbenutting van bestaande wetenskapgeboue in die mate wat hulle beskikbaar kom; die uiteindelike uitbreiding van humaniora (veral toegepaste rigtings) om aansluiting te vind by die nuwe konservatorium en botaniese tuine; en die uitbreiding van koshuise en sportgeriewe in die gebied suid van die Eersterivier. Dit behoort as 'n patroon van rasionalisasie aanvaar en geïmplementeer te word na die mate waarin geld en grond beskikbaar kom.

Vir die tydperk tot ongeveer 1980 word o.m. aanbeveel dat

a) parkeergeriewe gekonsolideer word en beter verbindings en toegange ontwikkel word;
b) begin word met 'n openbare vervoerstelsel tussen die verste punte van die Universiteitsterrein;
c) 'n substansiële begin gemaak word met 'n nuwe residensiële gebied suid van die Eersterivier en

d) 'n tweede botaniese tuin ontwikkel word.

Vir die tydperk tot ongeveer 1990 word aanbeveel dat

a) 'n goeie passasier-vervoerstelsel ontwikkel word om die hele kampus te bedien en
b) die nuwe wetenskapkompleks noord van Banhoekweg voltooi word.

VERBEELDINGRYKE RESIDENSIËLE PROJEK

Deel II van die voorlopige verslag behandel 'n residensiële konsep vir die toekoms van die Universiteit en daarin word daarop gewys dat ruimer voorsiening vir residensiële akkommodasie met die groei van die Universiteit 'n noodsaaklikheid word. Volgens die verslag kan 'n saak uitgemaak word vir residensiële voorsiening deur die Universiteit vir getroude studente en junior personeel. Verder word die aandag gevestig op die onmoontlikheid om selfs beperkte residensiële ontwikkeling op die Hendriksz-eiendom te laat plaasvind in die lig van die beperkte grondbesit ten noorde van Banhoekweg, wat te min is om aan die eise van die munisipale regulasies vir die voorsiening van ontspanningsgeriewe te voldoen. Boonop, word gesê, is die grond nodig vir die uitbreiding van die wetenskapgeriewe.

Afgesien van hierdie deurslaggewende oorwegings, sê die beplanners, is die gebied suid van die Eersterivier ook om afstand-, aantreklikheids- en ekonomiese oorwegings die geskikste vir residensiële ontwikkeling.

DIE WETENSKAP-KONSEP

In Deel III van die verslag word die Wetenskapkonsep behandel. Daar word gewys op die besondere vereistes waaraan geriewe vir natuurwetenskap, toegepaste wetenskap en tegnologie moet voldoen, en dat hierdie vereistes soms drasties kan verander en kan toeneem. In die lig hiervan, sê die beplanners, moet só beplan word dat dit ekonomies, vinnig en met die minimum van ontwrigting, en doeltreffend verander, uitgebrei en herontwikkel kan word.

Hulle beveel 'n modulêre basis van bou-ontwerp aan om aan hierdie vereistes te voldoen, veral ook omdat dit beheer oor alle stadia van ontwikkeling, insluitende die mees ekonomiese benutting van beskikbare grond, moontlik maak. Die beplanners stel voor dat die Hendriksz-eiendom as 'n reserwe-gebied vir wetenskapuitbreiding opsy gesit word en dat dit vir ontspanningsdoeleindes gebruik word tot tyd en wyl dit daarvoor benodig word.

In Hoofstuk 25 word 'n kort uiteensetting gegee van verdere beplanningstudie en ondersoek wat nodig is vir 'n meesterplan vir Universiteitsontwikkeling. Beplanning van die verskillende satelliet-kampusse van die Universiteit is ingesluit in hierdie program, wat as die Fase Twee-program bekend sal staan.

Die voorafgaande opsomming is slegs 'n skadu van die totale verslag wat in 'n lywige boek van 12″ x 20″ x ¾″ saamgevat is. Die woord „voorlopige" wat gebruik word, het beteken, dat tydens die vrystelling aan die pers, die Raad van die Universiteit dit op daardie oomblik nog nie goedgekeur het nie. 'n Ontsaglike hoeveelheid werk is aan die verslag bestee. Soms moes, om slegs een syfer te verkry, lank observasie of navorsing gedoen word.

Tot ongeveer die jaar 2000 sal U.S. nog normaal op Stellenbosch kan groei, maar daarna sal verdere groei slegs op die satelliet-kampusse kan plaasvind. Die ander kampusse van U.S. is op Bellville (Buitemuurse Handel en Administrasie), Tygerberg (Geneeskunde) en Saldanha (Krygskunde) geleë. Die Akademiese Beplanningskomitee se werk sluit ook hierdie kampusse in. Sekere addisionele vakke is reeds goedgekeur om ook buitemuurs te Bellville gegee te word.

BEVOLKINGSGROEI

	Totaal van alle rasse	*Blankes*	*% Blankes*	*Studente (Slegs op die Stellenbosse kampus)*	*% Studente*	*% Studente/ Blankes*
1920	7 000	3 600	51,4	646	9,3	17,9
1930	9 000	4 500	50,0	1 101	12,2	24,5
1940	12 400	5 900	47,6	1 865	15,0	31,7
1950	17 500	8 200	46,8	2 175	12,1	26,6
1960	22 333	10 738	48,0	4 376	19,6	41,0
1970	30 250	13 646	45,0	6 177	20,3	45,0
1980	40 500	17 600	43,6	8 537	21,2	48,2
1990	52 500	22 500	43,0	10 897	20,7	48,5

Gesellig

Op Hoë Noot

Onder ideale weersomstandighede en met die Eikestad feitlik op sy herfs-mooiste het *Die Derde Buitengewone Kongres van die F.A.K. oor Skoolmusiek* van 5 tot 7 April 1972 op Stellenbosch plaasgevind. Die ongeveer 200 kongresgangers – onder wie dr. en mev. H. B. Thom ook opgemerk is – het van oor die hele Republiek gekom, en baie van hulle het in Huis-ten-Bosch tuisgegaan. Feitlik al die byeenkomste het in die doelmatige G. G. Cillié-gebou vir Opvoedkunde onder die voorsitterskap van dr. Anton Hartman van die S.A.U.K. plaasgevind.

Hoogtepunte van die kongres was ongetwyfeld die demonstrasies met jong kinders van slag- en orkeswerk deur die Stellenbosse dosente in Skoolmusiek, mnr. Philip McLachlan en mej. Helena du Plessis, en die kort uitvoerings deur die orkeste van die Laerskool Bloemhof o.l.v. mev. Avis en deur die Mary Krige-orkes. Chris Lamprecht, organiseerder van musiek van die Departement van Kultuursake in Pretoria en 'n oud-Matie, het almal se harte gesteel met sy aanbieding van „nuwe" volkswysies voorgedra deur 'n groepie kinders. Mnr. Jack de Wet, dirigent van Die Vrystaatse Jeugorkes, het op onderhoudende wyse vertel hoedat die Japanners met groot welslae kinders vanaf hulle derde jaar instrumentale onderrig gee (Suzuki-metode). Ander dosente wat opgetree het, was Pierre Malan (T.O.D.), Melvyn van der Spuy en Japie Hugo (K.O.D.), dr. Anton Hartman (S.A.U.K.) en Pieter van der Westhuizen (U.S.).

Tussen al die harde werk is daar lustig saamgesing aan nuwe musiek vir die skool. Enkele kommentare van kongresgangers was :

a) Stellenbosch is regtig die mooiste plek op aarde! (Dit was glo 'n Transvaler.)
b) Vandag se studente woon geriefliker en eet baie lekkerder as ons in ons dae.
c) Op hierdie klasbanke raak 'n ou maklik aan die slaap.
d) Bring die kongres asb. volgende jaar na Port Elizabeth, Potchefstroom en Durban.
e) Kan mnr. McLachlan dan nie 'n ruk aan die Transvaal geleen word nie?

Veral vir musiekonderwyseresse uit die laerskool het tydens die kongres baie nuwe vergesigte oopgegaan en daarvoor kom dank toe aan die F.A.K. wat dit so puik georganiseer het en die Universiteit van Stellenbosch wat so fyn gasheer gespeel het.

Kongreslid

Van die kantlyn af:

a) Nee, daar is nog 'n mooier plek : In die weerkaatsing van haar oë.

b) Foeitog! Seker 'n Dagbreker uit „Hongerly" se dae.

c) Natuurlik 'n Slaaplander!

d) Stilte Klas! Net een op 'n slag!

e) Nee, nie solank ons buite die E.E.G. is nie.

(Redakteur, Matieland)

IN DIE HART VAN DIE BOLAND

Op 29 Maart vanjaar het Sy Eksellensie M. Pimental dos Santos, Goewerneur-generaal van Mosambiek, 'n besoek aan Stellenbosch en die Universiteit gebring.

Die Singende Kongresgangers

Prof. J. N. de Villiers (Rektor, U.S.), Sy Eks. M. P. dos Santos, prof. Frans Smuts en mev. Dos Santos in die bergkelder teen 'n gemoedelike agtergrond.



Beurse en Skenkings

RIO TINTO SE SKENKING

In April vanjaar het mnr. E. W. Hunt, Besturende Direkteur van Rio Tinto (S.A.), 'n tjek ter waarde van R5 000 aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, oorhandig.

SYFRETS TRUST DRA BY

Op 19 April vanjaar het adv. P. H. Tebbutt, Besturende Direkteur van Syfrets Trust namens sy maatskappy 'n tjek van R1 000 aan die Universiteit oorhandig.

SKENKING AAN FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

Mnr. Sakkie de Beer (oud-president van die Vereniging van Tafelrondes van S.A.) het op 14/2/1972 'n tjek ter waarde van R3 000 namens die Tafelrondes aan dr. H. F. Marlow vir navorsing oor die meganisme van die werking van anti-skildvormige stowwe oorhandig.

BO:
Mnr. E. W. Hunt (links) en prof. J. N. de Villiers.

MIDDEL:
Adv. Tebbutt (links) oorhandig die tjek aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers.

ONDER:
L.n.r.: Mnr. S. de Beer, dr. R. Hickman en dr. H. F. Marlow.

Mnr. J. L. Cilliers, (plaaslike landdros), en

Mnr. Jan D. J. de Necker,

Dr. J. E. Erasmus, ook met sy bevordering tot Direkteur (Landbou-tegniese Dienste) van die Winterreënstreek en Hoof van die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege, en

Regter J. T. van Wyk, met hulle verkiesing tot lede van die Universiteitsraad.

Prof. W. J. Pretorius, met die toekenning van die eredoktorsgraad, D.Comm., op 10 Desember 1971.

Dr. Ampie Roux, met die Hendrik Verwoerd-toekenning vir die werk i.v.m. die verryking van uraanerts.

Dr. Phil Weber, met die toekenning aan hom van die Markus Viljoen-medalje van die S.A. Akademie en met sy aanstelling as die nuwe voorsitter van die Nasionale Pers Bpk.

Dr. Meiring Naudé, met sy benoeming tot Wetenskaplike Raadgewer van die Eerste Minister.

Dr. C. v.d. M. Brink, met sy aanstelling as President van die W.N.N.R., as opvolger van dr. S. M. Naudé.

Dr. G. P. C. de Kock, met sy bevordering tot Adjunkpresident van die Reserwebank.

Dr. Jan de V. Lochner, met sy aanstelling as heeltydse Ondervoorsitter van die Mediese Navorsingsraad.

Dr. W. W. M. Eiselen, met sy inhuldiging as die eerste kanselier van die Universiteit van die Noorde.

Mnr. Willem Theron, met sy aanstelling as Direkteur van Kleurlingonderwys.

Dr. Robert van Z. Smit, met sy aanstelling as Suid-Afrika se Alternatiewe Uitvoerende Direkteur in die Raad van die Internasionale Monetêre Fonds te Washington, V.S.A.

Prof. H. L. de Waal, met sy verkiesing tot Voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie.

Regter Victor Hiemstra, met sy verkiesing tot ondervoorsitter van die Raad van die S.A. Akademie.

Prof. A. J. Brink, met sy verkiesing as dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde.

Die volgende dosente met hulle benoeming of bevordering tot professore aan die Universiteit van Stellenbosch

Dr. A. G. Botha, dr. R. P. Botha, kol. J. v.d. B. Breedt, mnr. A. Coetsee, dr. G. N. Louw, mnr. J. A. Matthee, dr. H. P. Muller, kapt. H. F. Nel, dr. H. I. Nel, adv. K. F. J. Schwietering, dr. T. C. Smit, adv. A. H. van Wyk en prof. O. Wipplinger.

Die volgende persone met hulle benoeming as Ereprofessore vir 1971

Dr. D. G. Franzen, in Ekonomie.

Dr. P. S. Rautenbach, in Stads- en Streekbeplanning.

Kol. J. D. Potgieter, met sy bevordering tot brigadier en aanstelling as nuwe Bevelvoerder van die Militêre Akademie in die plek van brig. M. Malan.

Brig. Magnus Malan, met sy aanstelling as Bevelvoerder van die Kommandement Westelike Provinsie.

Prof. D. H. Craven, met sy deeltydse aanstelling as Direkteur van Sport aan die Universiteit van Stellenbosch.

Mnr. Ivor Potgieter, met sy aanstelling as Adjunkdirekteur van Sport aan die Universiteit van Stellenbosch en gelukwense met die suksesvolle afloop van die veelvolkige Atletiekbyeenkoms op 26 en 27 November 1971.

Prof. S. P. Cilliers, met sy verkiesing tot voorsitter van die nuutgestigte Vereniging van Sosioloë van Suider-Afrika.

Dr. J. J. Loubser, met sy aanstelling as professor in Sosiologie aan die Universiteit van Kaapstad;

Dr. M. S. Grundlingh, met sy verkiesing tot voorsitter van die S.A.O.U.

Mej. Emma Pansegrouw, met haar bevordering tot landdros – die eerste vrouelanddros in Kaapland.

Prof. P. C. de Villiers, met sy aanstelling as direkteur

van die Hans Merensky-Trust in die plek van wyle dr. G. S. J. Kuschke.

Mnr. D. P. de Villiers, as Voorsitter van Soekor in die plek van wyle dr. G. S. J. Kuschke.

Prof. Frans Smuts, met sy benoeming tot lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Dr. W. A. Verbeek, met die toekenning van die goue medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie en met sy bevordering tot Sekretaris van die Dept. Landbou-tegniese Dienste.

Prof. G. N. Louw, met die toekenning van die silwer medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie.

Proff. Bun Booyens, Otto Schröder en G. P. J. Trümpelmann, met die publikasie van die Solomon Caesar Malan-Akwarelle.

Prof. J. L. Sadie, met die Suid-Afrikaanse Akademie se Stals-prys vir Ekonomie.

Prof. M. J. de Vries en dr. W. J. Engelbrecht, met die medalje (gesamentlik verower) van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Chemie.

Mnr. Pieter Grobbelaar, met die Suid-Afrikaanse Akademie se Holloway-medalje vir kleuterlektuur.

Mnr. J. M. de Villiers, Hons.-B.Sc., Cum Laude, met die ontvangs van die Kanseliers-medalje in Desember 1970.

Mnr. Hannes Marais, die negende Matie-Springbokkaptein.

Mnre. Morné du Plessis en Dawie Snyman, die 100ste en 101e rugbyspringbokke van die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. D. H. Craven, en al die rugbyverbondenes met die geslaagde rugbyseisoen, ook die mans- en damestennisspanne en die Netbalklub.

Die lede van die Vroue-vereniging van die Universiteit met die 50-jarige bestaan van die Vereniging.

Die Koshuis Dagbreek met sy 50-jarige bestaan.

Die Fakulteit van Regte met sy 50-jarige bestaan.

Die Pentarg van die eerste Stellenbosch-sangfees met die kwarteeufees, t.w.:

Prof. Con de Villiers
Prof. G. G. Cillié
Dr. Jan (Div.) de Villiers
Dr. (Koek) Jan de Villiers
Prof. Bun Booyens

Die vergadering verdaag om 8.30 nm.

KENNISGEWING:

Die volgende vergadering van die Konvokasie vind plaas op Donderdag, 30 November 1972, om 7.00 nm., in die H. B. Thom-teater.

Gesellige onthaal daarna in Wilgenhof.

Oosrand! Durban! Pietermaritzburg!

OUD-MATIES TREK SAAM

Oos-Rand hou op Dinsdagaand, 26 September, 'n dinee in die Buiteklub Springs. Dr. A. P. Treurnicht is die gasspreker. Skakel mnr. Willem Dreyer, foon 211417, Johannesburg.

Durban en omgewing trek saam op Vrydagaand, 8 September. Skakel asb. mnr. Con Botha, foon 65541, Durban.
Eregaste: Die Rektor en mev. De Villiers.

Pietermaritzburg en omgewing vergader op Saterdagaand, 9 September. Bel asb. Adv. D. de Villiers, foon 53890, Pietermaritzburg.
Eregaste: Die Rektor en mev. De Villiers.

Oud-Maties van 1936 tot 1944 Trek 29 en 30 November Saam

Die eerste saamtrek in 1970 was van Oud-Maties in die groep : Victoria Kollege tot 1925. In 1971 het die groep 1926–1935 reünie gehou.

Eggenotes van Oud-Maties is ewe welkom en moet sekerlik saamgebring word na hierdie derde saamtrek.

Huisvesting is beskikbaar teen R4,50 per persoon, per dag, alles-insluitend, in Huis de Villiers, die dameskoshuis regoor Harmonie.

Diegene wat nie wil inwoon nie, word gevra om R3,00 per persoon tot die algemene koste by te dra.

Hoogtepunte op die program sal wees : 'n openbare lesing deur prof. Hans Jansen (reeds klassiek geword); die noenmaal deur die Rektor en mev. De Villiers aangebied ('n belewenis van 'n ete(nis)); besigtigingstoer (om u te oriënteer); die joernaalaand ('n uitbundigheid) en daarna 'n monstervergadering (soos dit behoort gehou te word, en natuurlik oor 'n aktuele onderwerp).

Die konvokasie (gewaarborg om nie langer as 'n uur te duur nie) en daarna die gesellige samesyn (nie korter as van 8.00 tot 12.00 nie) is op die aand van die 30ste.

Moenie u laat nooi nie! Skryf dadelik aan Die Direkteur van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch. Heelwat belangstellendes se inskrywings is al ontvang.

ONTHOU U?

Toe u kleurbaadjie op maat gemaak £3-15-0 gekos het?

Die Jan Pierewiet-geselskap?

Die S.O.D.-klas van 1938, met wyle dr. Gawie Cillié – Voortrekkerbaard en al – vierde van links voor.

Die Tweede Wêreldoorlog?
Die Slag van Andringastraat?
Toe die *Cape Argus* geskrywe het: Noonday pause rashly dishonoured: Loyal soldiers and civilians beaten up . . .?
1943 se skeuring in die rugbygeledere en die Intervarsities tussen die Maties en Groote Schuur se Apies?
Die Ossewatrek van 1938?
Die Ossewabrandwag (en wie almal in die staatshotelle vry loseer het)?
Onthou u u medestudente?
En dalk 'n paar dosente?
Oom Pietie se Boereorkeslede: bring jul instrumente. Oom Pietie woon nog steeds naby die wilgerboom en Charles Fensham, die voorste konsertinaspeler, is nóg op die akker. Hy is darem al professor.
Ongelukkig val net sowat die helfte van die kabinet in hierdie groep. (Diegene wat nog aspirasies ná hulle aftrede het, behoort nie die geleentheid te laat verbygaan nie.)

Antwoord op: Aan Matieland

My hart verlang na die óú Stellenbosch
Die land van aarbei, druiwe en soet mos,
Enigste plek waar eike nog groei in die land –
Deur Seur Simon geplant met sy vlytige hand!

E. G. Malherbe (Oud-rektor, Natalse Universiteit)
(uit „Oudstudent", Deel VI No. 2, Sept. 1936, bl. 30)

OUD-MATIES OP BEAUFORT-WES

Op Saterdag, 22 April 1972, het die Rektor en mev. J. N. de Villiers besoek afgelê op sy geboortedorp, Beaufort-Wes, waar hy tot sy negende jaar gewoon het. Prof. De Villiers het in die voormiddag die jaarlikse landbouskou geopen en in die aand 'n dinee saam met 92 oud-Maties bygewoon.

AKADEMIEPRYSE

Prof. C. F. G. Gunter, emeritus-professor van Stellenbosch, ontvang die Stals-prys vir Opvoedkunde.

Prof. Erika Theron, professor in Maatskaplike Werk aan U.S., ontvang die Erepenning vir Maatskaplike Welsynsbevordering.

Mnr. P. A. L. Steyn, tot sy aftrede verbonde aan die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie, Stellenbosch, ontvang die Goue Akademie-medalje vir Natuurwetenskaplike Prestasie.

Prof. P. Smit, professor in Aardrykskunde aan Unisa, ontvang die Stals-prys vir Aardrykskunde.

L.n.r.: Mev. F. Hanekom, mnr. Gordon Pienaar (Burgemeester), mev. Geraldine de Villiers, die Rektor, mev. G. Pienaar, mnr. F. V. Hanekom (Voorsitter van die Oud-Matiebondtak), mev. Lida Pienaar en mnr. A. J. Esterhuyse (Asst.-Direkteur van Ontwikkeling van U.S.).

Mnr. Philip McLachlan, senior lektor in Skoolmusiek, U.S., ontvang die Erepenning vir Musiek.

Mej. Lina (C. P.) Spies, lektrise in Afrikaans aan U.S., ontvang die Eugene-Marais-prys (Letterkunde).

BEVELVOERDER

Kaptein J. J. (Jan) Nieuwoudt wat as die nuwe bevelvoerder van die fregat *President Kruger* aangestel is, is die eerste Afrikaanssprekende vlootoffisier wat in bevel van een van S.A. se spogfregatte in die President-klas sal wees. Kapt. Nieuwoudt het op U.S. die B.A.-Admissie behaal, maar het daarna by *Die Oosterlig* in diens getree en in 1956 by die Vloot aangesluit.

Hy is getroud met Hanlie, 'n dogter van mnr. A. Stadion, die oudste nog lewende oud-Matie.

PRESIDENT VAN W.N.N.R. BESOEK DAGBREEK

Op 25 Mei het *prof. C. v. d. M. Brink,* president van die W.N.N.R., 'n openbare voorlesing oor „Die W.N.N.R., Universiteit en Tegnologie in die Jare Sewentig" op Stellenbosch gehou. Hy het ook die geleentheid benut om die argief van Dagbreek, sy ou koshuis, te besoek.

L.n.r.: Mnr. Estienne Pretorius, prof. C. v. d. M. Brink en mnr. Eben Fourie (primarius) in Dagbreek se argief.

ERE-LL.D.-GRAAD: PROF. E. G. MALHERBE

Prof. E. G. Malherbe het op 30 Junie 'n ere-LL.D.-graad van die Universiteit St. Andrews ontvang. Wyle ds. E. G. Malherbe (vroeër van Villiersdorp se gemeente) en prof. J. du Plessis (sien Matieland, April 1972, bl. 37) was die eerste twee Afrikaners wat hulle B.D.-grade daar verwerf het.

GELUKWENSE AAN:

Dr. F. W. Rabe met sy aanstelling as die nuwe Mediese Superintendent van die Tygerberg-Hospitaal.

Prof. M. A. de Kock met sy benoeming tot lid van die Royal College of Physicians.

Mej. M. J. Runnalls met die Ernst Oppenheimer-toekenning vir verdere studie.

Prof. W. A. van Niekerk en

mnr. A. E. Retief met die toekenning vir 1971 van die Blignault-prys vir die beste artikels wat in die S.A. Mediese Tydskrif verskyn het.

Mnr. en mev. Willem de Villiers van Dalsig, Stellenbosch, het onlangs teruggekeer na 'n uitgebreide besoek aan Europa. Mnr. De Villiers, 'n oud-Matie van die dertigerjare, is tans verbonde aan die Fakulteit van Opvoedkunde, Universiteit Wes-Kaap. Hy het veral die stand van onderwys vir verstandelik-

met die drukkersduiweltjie aan die oor hier opgedaag – dus nóg een wat die artikel deeglik gelees het en sy genoeë uitgespreek het met die res daarvan. Redakteur.)

DIE HELDER WOORD VAN 'N JONG AFRIKANER

Dit is 'n voorreg om die onderstaande brief van mnr. Faull te plaas, omdat dit van opregte erkentlikheid en patriotisme getuig. Manne van sy soort is skaars want hy is van die eerstes wat op Stellenbosch die nuwe kursus in Lugvaartkunde afgelê het – en nou werk hy vir sy land in 'n strategies belangrike nywerheid.

Hier praat 'n roepingsbewuste jongman in die idioom van vandag se vaderlandstrou: met sy toegewyde arbeid betaal hy nou as roepingsbewuste ingenieur aan sy land met dankbaarheid terug vir wat deur opleiding en geld as't ware in hom belê is.

Ons sal lewe . . . vir Suid-Afrika!

St. Annestraat 8,
Hurlyvale,
Transvaal.
6 Mei 1972.

Die Direkteur,
Departement van Ontwikkeling,
Universiteit van Stellenbosch,
Stellenbosch.

Geagte Heer,

Tinie Louw Beurs vir Lugvaartkundige Ingenieurswese

Ek het verlede jaar R1 200 ontvang van bostaande beursfonds terwyl ek aan die Cranfield Instituut van Tegnologie, Engeland, was. Ek het die kursus in Lugvervoer-ingenieurswese gevolg.

Die graad M.Sc. van die Instituut is onlangs aan my toegeken. Die „Air Corporations Prize in Air Transport Engineering" is ook aan my toegeken vir my werk op Cranfield.

Noudat ek die uitslae ontvang het, wil ek my diepe dank uitspreek teenoor die trustees van die beursfonds vir die geld wat die studies moontlik gemaak het, en aan die Departement Ontwikkeling vir die hulp wat hulle my gegee het toe ek vir die geld aansoek gedoen het. Baie dankie!

Ek is al vyf maande lank terug in Suid-Afrika en werk nou by die Atlas Vliegtuig Korporasie te Kempton Park. Ek hoop dat ek daar my dank sal kan uitwerk in die praktyk, vir die belegging wat in my gemaak is.

Die uwe,
w.g. *N. H. B. Faull*.

Studentebedrywighede

Universiteitskoor na Portugal Genooi

Die Universiteitskoor Stellenbosch het 'n pragtige onderskeiding te beurt geval. Hierdie koor is een van die sestien kore van dwarsoor die wêreld wat genooi is om aanstaande jaar in April aan die Internasionale Universiteite-koorfees in Portugal deel te neem. Ander lande wat uitnodigings gekry het om kore te stuur, is die V.S.A., Duitsland, Engeland, Italië, Japan, Spanje, Switserland en Brasilië.

Die fees van onbegeleide sang, wat van 4 tot 20 April duur, word deur die Orfeon Académico de Coimbra van die Universiteit van Coimbra aangebied en is geskoei op die lees van die groot Internasionale Universiteite-koorfees wat sedert 1965 in New York

DIE MATIES SING

Mej. Elena Agostinis oorhandig die plaat van die 25e Stellenbosse Sangfees, gehou in September 1971, aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers.

Tukkies het gewen deur in die ses uur 144,5 km af te lê, met Stellenbosch se ingenieurs tweede (143 km). In die pylvak het Stellenbosch se ingenieurs egter met *Gees van Esperanza* die hoogste snelheid (31,11 km/h) behaal. Dagbreek het die beste gemiddelde (30,72 km/h) gehandhaaf. U.P. het die voortreflikste trapkar gehad en Huis Marais die voortreflikste kuip.

Mej. René Stott, die Maties se mej. Ingenieur, was hulle inspirasie.





Maak geld soos dit u pas – laat ons u help om dit te behou.

Hoe moet mens regkry om te spaar as pryse daagliks styg? Wanneer jy wel spaar, hoe verseker jy dat jy maksimum winste op jou kapitaal verkry? En tog ook veiligheid en sekerheid?
Wanneer dit by geldsake kom, vra U die vraë.
Die antwoorde lê by Saambou-Nasionaal.
Hoe gouer u met Saambou-Nasionaal praat, hoe gouer pluk u die vrugte.

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

SAM101/1A

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Vervaardig deur Veka
Alle Nommers altyd in Voorraad

Nuwe Terylene Oud-Matiedas
Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

C. J. Langenhoven 1873-1973

Versamelde Werke

Deel 1 en Deel 2 van Langenhoven se ‚nuwe' Versamelde Werke verskyn binnekort. Die oorspronklike stel, wat in 1927 uitgegee is en drie keer herdruk moes word, is jare lank nie meer verkrygbaar nie. Nou het u weer die geleentheid om die versamelde werk van hierdie groot volkskrywer te besit. Die volledige stel van 16 bande word in 'n splinternuwe gedaante heruitgegee en dit behoort teen Augustus 1973 beskikbaar te wees. Die inhoud is dieselfde as dié van die oorspronklike stel. Die boeke het egter 'n effens ander formaat en dit word in 'n aantreklike stofomslag uitgegee. Vra u naaste boekhandelaar om volledige besonderhede.

Louis Michel Thibault (1750-1815)

Huguette Roy de Puyfontaine

Nou, vir die eerste keer, het daar 'n volledige beeld van hierdie merkwaardige begaafde Franse militêr, kunstenaar, ingenieur, landmeter en argitek aan die Kaap die Goeie Hoop in druk verskyn. Die boek is saamgestel uit briewe en verslae wat Thibault aan kliënte en amptenare van die N.O.I.K. en die Bataafse en Britse regerings geskryf het en die antwoorde wat hy ontvang het. Heelparty illustrasies, baie in kleur, van dorpsplanne, geologiese opnames, geboue, brûe en vestings wat Thibault self geteken het, is in die boek opgeneem. Die skryfster – die dogter van 'n Franse senator – het 'n magdom feite oor Thibault in die argiewe van Parys, Delft, Den Haag en Kaapstad opgediep en die boek aan die Kaap kom skryf. Dit verdien 'n ereplek op u boekrak. (R15)

Kind in ons Midde

P. Pistorius

Opvoeding is wesenlik 'n *gesins*taak en nie 'n *skool*taak nie. Baie ouers besef dit, maar die ingewikkelde lewensomstandighede maak hulle onseker. Om hierdie leemte aan te vul, is die Sosio-Pedagogiek ingestel. *Kind in ons Midde,* die resultaat van 'n nugter wetenskaplike benadering, is bedoel as handleiding by die studie van die Sosio-Pedagogiek. Maar dit is ewe belangrik vir die ouer wat die opvoedingstaak sy erns maak. (R5,00)

Die Mens en die Moderne Wêreld

Tien referate wat in Julie verlede jaar by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op Potchefstroom gelewer is. Die referate dien as 't ware as 'n prisma waardeur die lig op sommige van die belangrikste aspekte van die huidige wêreld val. (R4,50)

Ritme en Skandering

A. J. Coetzee

'n Belangwekkende studie oor die kwessie van ritme en die ontleding daarvan in die poësie – 'n probleem wat dikwels deur letterkundiges verwaarloos word. Die skrywer formuleer 'n skanderingstelsel wat die ritmiese patroon in 'n gedig met die grootste moontlike objektiwiteit visueel sal weergee. Hy bewys ook dat ritme 'n uiters belangrike hulpmiddel is by die ontleding en evaluasie van gedigte. (R7,50)

Plantkundewoordeboek

In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns saamgestel deur prof. A. P. Goossens en bewerk deur die Vaktaalburo en 'n komitee vir plantkundeterme. Dit dek die hele veld van die plantkunde en bevat 15 000 Afrikaanse terme. Dit kan met groot vrymoedigheid aanbeveel word by plantkundiges, skole en ander gebruikers. (R11,50)

Ander woordeboeke wat in samewerking met die S.A. Akademie gepubliseer is, is: *Aptekerswoordeboek* (R2,50); *Bouwoordeboek* (R5,50); *Land- en Bosbouwoordelys* (R1,00); *Opmeetwoordeboek* (R3,75); *Chemiewoordeboek* (R1,00); *Statistiekwoordeboek* (R1,90); *Sterrekundewoordeboek* (R4,20); *Versekeringswoordeboek* (R2,95); *Water- en Rioolwerkterme* (R2,00) en *Wiskundewoordeboek* (R3,50).

Al hierdie boeke is by u naaste boekhandelaar verkrygbaar.
Tafelberg-Uitgewers, Posbus 879, Kaapstad.

Ons is om elke hoekie– met die regte soort hulp.

Besoek ons of ons sal u besoek

Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging

Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch.

Grant 1088

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier, Kaap

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Vervaardig in Suid-Afrika

VRFA191Q